

1. God praat, Josef hoor

Matteus 2:1-23

Tema

Josef is 'n pa of ouer wat hoor wanneer God sy gesin lei.

Agtergrond

Die verhaal begin met sterrekykers wat weet dat Jesus 'n baie besondere nuwe koning is. Matteus vertel die res van die verhaal van drie kante af:

- God praat en alles werk uit soos God reeds deur die profete gesê het ("so is vervul", v 15, 17, 23).
- Josef hoor wat God in drome sê en doen wat reg is.
- Herodes (en sy opvolger) is bang en jaloers en probeer Jesus doodmaak.

Ons gebruik veral die middelste invalshoek: Josef hoor ...

Bybelgedeeltes	Hoofgedagtes van die ontmoeting
Lees Matteus 2:1-5a, 7-12	1. Die sterrekykers kom seek-soek van ver af om regtig aan Jesus eer te bring (hulde te bewys). Die koning van die land waar Jesus is, maak of hy Jesus ook wil eer, maar hy het eintlik 'n slegte plan. Hy ken God nie en ook nie God se plan nie.
Lees Matteus 2:13-15	2. God praat in drome met Josef (daar was nog nie Bybels nie) en Josef hoor toe God die gesin na Egipte toe wegstuur.
Vertel Matteus 2:16	3. Die bang, jaloerse koning maak seuntjies dood en baie mammas huil.
Lees Matteus 2:19-21 en vertel 2:22-23	4. Ná 'n lang wagtyd gaan God se plan aan en Jesus kom as kind saam met sy gehoorsame ouers in Nasaret aan.
Uitkoms Staar in Josef se skoene en ervaar: Ek (en my ouer) doen wat reg is wanneer ons hoor wat God sê. Wanneer ons terugkyk op ons lewenspad, sal ons besef die Here het ons gebruik. Dit is 'n wonderlike voorreg en laat God se plan deurwerk in ons lewe en in ander mense se lewe.	

Hulpmiddels by die storie

1. Verwys na paneel 3 van die LP3-benadering.
2. 'n Skyfie van die skildery van Orazio Gentileschi (1563-1639) met die naam *Rest on the Flight into Egypt*.
<http://www.louvre.fr/en/oeuvre-notices/rest-flight-egypt>

Hulpmiddels vir kleingroepvaslegging

Junior kleingroep	Senior kleingroep
Bring saam 1. 'n Lysie met take om vir elke kind aan die begin van die ontmoeting een te gee. 2. Oorfone wat die leier aan die begin van die ontmoeting opsit. 3. Kartonstrook wat rondom elke kind se kop sal pas. 4. Twee groot kartonore wat aan die strook vasgeplak kan word. 5. Skêre om die ore uit te knip. Vir kleiner kinders kan die leier dit vooraf reeds uitknip. 6. Plakkers, kryt, penne om die kartonstrook te versier. 7. Kramdrukker of sterk gom.	Bring saam 1. 'n Lysie met take om vir elke kind aan die begin van die ontmoeting een te gee. 2. Oorfone wat die leier aan die begin van die ontmoeting opsit. 3. Prente van diere met groot ore soos 'n haas of 'n koedoe.
Voor die tyd 1. Knip vir elke kind 'n paar ore uit (indien hulle nog klein is en dit nie tydens die ontmoeting kan doen nie). 2. Strooi papiertjies of rommel op die vloer waar die ontmoeting gehou gaan word. Neem items saam om vir elke kind 'n opdrag te gee (soos by <i>Welkom</i> voorgestel).	Voor die tyd 1. Strooi papiertjies of rommel op die vloer waar die ontmoeting gehou gaan word. Neem items saam om vir elke kind 'n opdrag te gee (soos by <i>Welkom</i> voorgestel).

Die storie

Begin

Dink julle dis lekker om 'n pappa of mamma te wees?

Dink julle dis lekker om 'n babatjie te hê?

Ek wonder wat het die mense alles van jou gesê toe jy 'n babatjie was en die mense blomme of 'n geskenk vir jou ouers gebring het toe jy gebore of gedoop is. Miskien iets soos: "Kyk hoe fraai ...," of "Hy gaan 'n regte rugbyspeler word, net soos ...," of: "Kyk haar lang vingers. Sy gaan eendag musiek maak." Julle kan gerus vir julle ouers vra of hulle nog kan onthou wat die mense gesê het.

Ek is seker jou ouers het allerhande drome oor jou gedroom. Daar is mense wat sê pappas en mammas kry sekere dinge nie reg in hulle lewe nie, en dan hoop hulle hulle kinders sal dit eendag regkry. 'n Pappa kan dan dalk in sy seun se oor fluister: "My droom vir jou is dat jy ..."

Soms kom daar saam met 'n baba groot probleme. Pappas en mammas moet die hele tyd besluite neem oor hulle blyplek, werk, die kinders se kleuterskool of groot skool. Miskien moet jy eendag vir jou ma vra: Wat was die moeilikste besluit wat Mamma moes neem nadat ek gebore is?

Josef moes as pa ook groot besluite oor sy spesiale Jesus-kind neem.

Kom ons lees weer hierdie bekende verhaal.

Hoor

➤ **Moment 1: Lees Matteus 2:1-5a, 7-12**

Miskien sou ek ook geskrik het as ek koning Herodes was en mense kom vertel vir my daar is 'n koningseun as baba gebore, maar dis nie my kind nie. Koning Herodes het in die tyd toe hy geleef het mooi geboue gebou en sekere dinge reg gedoen. Maar, ai, hy was so bang dat iemand sy koningskap van hom af sou wegvat. Hy het agt vrouens gehad en 'n hele paar seuns. Daar word vertel dat hy selfs van sy eie seuns doodgemaak het omdat hy bang was hulle verwerp hom as koning en word in sy plek koning. Herodes het hom dus boeglam geskrik toe hierdie sterrekykers met hulle storie van die nuwe koning daar aankom.

Die sterrekykers het Jesus vereer, en sy ouers moes baie bly gewees het oor die mooi dinge wat hierdie slim mense oor hulle Seun gesê het. Ons weet nie presies van waar hulle gekom het en of hulle dalk self uit koningshuise gekom het nie. Miskien was hulle net wyse raadgevers van konings. Ons weet ook nie regtig of daar net drie sterrekykers was nie. Hulle het wel drie soorte geskenke gebring:

- Goud, wat vandag nog baie werd is.
- Wierook is 'n soort gom of hars wat lekker ruik wanneer dit aan die brand gestee word. Dit is in die tempels van gode gebruik. Dis ook gebruik wanneer 'n koning en sy leër 'n oorlog gewen het. Ná die tyd het al die soldate met hulle wapens en strydwaens en al die vyande wat hulle gevang het in 'n triomftog deur hulle stad gestap. Dan is daar lekkerruik-wierook gebrand om te sê hulle is bly oor die oorwinning.
- Mirre is gemaak van 'n kleinerige boom se gom (hars). Wanneer hierdie hars hard geword het, is dit gemaal en in 'n baie duur olie ingemeng om 'n olieparfuum te maak. Dit was baie duur.

Nota

Ons hoor drie keer in die Bybel van mirre – met Jesus se geboorte (Matteus); net voordat Jesus gekruisig is, het hulle vir Hom wyn met mirre daarin gegee, dalk om sy pyn te help verlig (Mark 15:23); nadat Jesus se liggaam van die kruis af gehaal is, het Nikodemus, wat eenkeer in die nag na Jesus toe gegaan het, 'n mengsel van omtrent 50 liter mirre en aalwyn gebring (Joh 19:39-40) en sy liggaam met die geurige olie behandel voordat dit in doeke toegedraai en begrawe is.

➤ **Moment 2: Lees Matteus 2:13-15**

Baie skilders het al hierdie toneel geskilder. In die groot Louvre-museum in Parys is hierdie interessante skildery geskilder deur Orazio Gentileschi (1563-1639) met die naam *Rest on the Flight into Egypt*. Op hierdie skildery sien ons dat Josef doodmoeg *uitgepass* het; Maria sit ook en slaap terwyl die Jesus-kind grootoog drink. In die donker muur agter is 'n venster en aan die buitekant van die muur sien 'n mens donker wolke soos wanneer daar swaar donderweer buite is, maar binnekant is dit veilig.

<http://www.louvre.fr/en/oeuvre-notices/rest-flight-egypt>



Het jy al ooit vir jou pa of ma dankie gesê vir alles wat hulle doen om vir jou 'n veilige plek te verseker?

Josef, net soos baie ander ouers, moes die regte ding doen. Dit was om te maak soos die Here se engel in 'n droom vir hom gesê het.

➤ **Moment 3: Vertel Matteus 2:16**

Toe Herodes besef die sterrekykers is weg en hulle het nooit vir hom kom vertel waar die baba-koning is nie, was hy woedend. Hy het toe al die seuntjies in Betlehem en die omgewing wat twee jaar en jonger was, laat doodmaak. Dink net hoe hartseer al die ouers was. Daar was sommer baie trane, net soos die profeet Jeremia lank tevore voorspel het.

➤ **Moment 4: Lees Matteus 2:19-21 en vertel 2:22-23**

Josef gaan terug na die land Israel toe, maar gaan woon met sy gesin in Nasaret – weer omdat God in 'n droom vir hom gewys het hulle moet daar gaan woon. Uiteindelik is Jesus in Nasaret. Hy word nou groot as Jesus die Nasarener, die man van Nasaret.

Dink

Maak jou oë toe. Dink aan jou kamer, julle huis en ons dorp of stad. Miskien het julle onlangs getrek en hier kom woon. Miskien moes jou pa of ma groot besluite neem om hierheen te kom. Miskien het hulle baie gedink aan wat vir jou die beste sal wees. Ek wonder of God hulle gehelp het om reg te kies.

Matteus skryf hier aan die begin van sy verhaal oor Jesus dat Jesus bly leef het al wou 'n jaloerse en slegte koning Hom doodmaak. Hy moes bly leef om op die aarde te doen wat Hy nog moes doen.

Leef

God stuur ons uit na 'n wêreld waar daar baie jaloerse en slegte mense is. Maar daar is ook mense wat God aanbid en wat luister wanneer Hy praat. Daar is seerkry en trane in ons wêreld, en soms moet mense nou nog vlug. In hierdie wêreld het Jesus God se liefde vir ons kom wys. God het gepraat, en Josef het geluister. Wanneer God praat en ons luister, begin daar iets groots vir ons én vir ander mense gebeur: God se plan gebeur.

Kleingroepvaslegging: Junior groep

Welkom

Staan by die deur van die lokaal waar julle ontmoet. Gee vir elke kind 'n eenvoudige opdrag wanneer hulle inkom soos

1. Stof asseblief al die stoele af. (Bring hiervoor 'n lap saam.)
2. Sal jy asseblief daar heel agter gaan sit?
3. Tel asseblief vir my al die lekkergoedpapiertjies op. (Jy het dit voor die tyd op die vloer gegooi.)
4. Hier is my Bybel. Soek solank Matteus 2 op en sit die Bybel oop op die tafel neer.
5. Gaan staan daar anderkant totdat ek jou roep om nader te kom.
6. Gaan gee asseblief hierdie briefie vir die oom daar anderkant. (Reël dit voor die tyd.)

Sit nou die oorfone op jou kop, gaan staan voor en maak of jy niks hoor nie. Begin skryf op 'n stuk papier of doen iets op jou selfoon. Hou aan totdat hulle jou aandag probeer trek.

Wegspring

Wat sou gebeur het as Josef nie geluister het nie?

Wat sou gebeur het as die Here nie deur drome met Josef gepraat het nie?

Sê nou baie sag: Ons werkboek van vanjaar se naam is *Ene ore! Nuwe maniere*.

Herhaal harder: *Ene ore! Nuwe maniere*.

Sê nog harder: *Ene ore! Nuwe maniere*.

Vra: Wat is ons werkboek se naam?

Laat hulle saam met jou sê: *Ene ore! Nuwe maniere*.

Kom ons sê dit vyf maal saam.

Werksaam


1. Deel vir elkeen 'n strook papier (kopband) uit wat hulle kan versier (60 cm lank en 2 cm breed).



2. Kram die punte van die kopband aan mekaar vas sodat dit net groot genoeg is om oor elke kind se kop bokant hulle ore te pas.



3. Kram of plak vir elke kind twee groot ore aan die kopband vas. Laat hulle dit opsit en vir mekaar wys.



Gee vir hulle die opdrag hieronder om by die huis te gaan doen of neem sommer dadelik foto's met jou selfoon, druk dit by die huis uit en bring dit volgende keer saam.

Opdrag:

Teken jouself met jou groot ore in jou werkboek, of laat iemand 'n foto van jou neem en plak dit in jou werkboek.

Motiveer elkeen om die volgende saam met hulle mense by die huis te doen.

Wegstuur/Huisgeloof

1. Vra vir die grootmense om vir jou te vertel wat gebeur het toe hulle eenkeer in hulle lewe nie geluister het nie.
2. Gesels saam oor hoe God met Josef gepraat het. Hoe praat God vandag met ons?
3. Om na God te luister en te hoor wat Hy vir my wil sê, is iets wat ek moet *aanleer*. Is dit waar? Hoekom sê julle so?
4. Lees Efesiërs 2:8-10 of enige ander Bybelgedeelte saam. Sê dan vir mekaar: "Die Here sê in hierdie gedeelte vir ons ..."
5. Hang jou kopband op 'n plek in jou kamer waar jy dit altyd kan sien. Wanneer jy daarna kyk ...
 - sê vir die Here dankie dat Hy die groot planmaker is.
 - sê dankie vir mense soos Josef wat aan God gehoorsaam was.
 - vra die Here om vir jou te wys hoe jy en jou gesin vandag binne sy plan kan leef.

Kleingroepvaslegging: Senior groep

Welkom

Staan by die deur waar julle die ontmoeting gaan hou. Gee vir elke kind 'n eenvoudige opdrag wanneer hulle inkom soos

1. Stof asseblief al die stoele af. (Bring hiervoor 'n lap saam.)
2. Sal jy asseblief daar heel agter gaan sit?
3. Tel asseblief vir my al die lekkergoedpapiertjies op. (Jy het dit voor die tyd op die vloer gegooi.)
4. Hier is my Bybel. Soek solank Matteus 2 op en sit die Bybel oop op die tafel neer.
5. Gaan staan daar anderkant totdat ek jou roep om nader te kom.
6. Gaan gee asseblief hierdie briefie vir die oom daar anderkant. (Reël dit voor die tyd.)

Sit nou die oorfone op jou kop, gaan staan voor en maak of jy niks hoor nie. Begin skryf op 'n stuk papier of doen iets op jou selfoon. Hou aan totdat hulle jou aandag probeer trek.

Wegspring

Haal die oorfone af en gesels saam oor hierdie vraag: Hoe voel dit as iemand met wie jy praat nie na jou wil luister nie?

Wonder

1. Wat sou gebeur het as Josef nie geluister het nie?
2. Wat sou gebeur het as die Here nie deur drome met Josef gepraat het nie?

Nota

Moenie hieroor praat nie. Laat hulle net met hulle oë toe sit en dink. Laat hulle hulle oë toe hou vir die volgende deel.

3. Sê nou baie sag: Ons werkboek se naam is *Ene ore! Nuwe maniere*.
Herhaal harder: *Ene ore! Nuwe maniere*.
Sê nog harder: *Ene ore! Nuwe maniere*.
Vra: Wat is die werkboek se naam?
Laat hulle saam met jou sê: *Ene ore! Nuwe maniere*.
Kom ons sê dit vyf maal saam.

Werksaam

1. Watter diere hoor die fynste?
2. Wat gebeur wanneer 'n dier baie goed kan hoor?

Kom ons noem dit *die luister-ketting*. Dink aan die bos waar 'n roofdier sy prooi bekruip. Dink aan sekere voëltjies wat die prooi waarsku, soos katlagters. Dink hoe die dier sy kop en ore draai en hoe dit sy gedrag beïnvloed.

3. Gesels nou oor mense wat doof is. Hoe “praat” ons met hulle? Hoe verseker ons hulle hoor ons? Watter letter word hier langsaan gewys? (Die letter u.)
4. Tussen ons ore en dit wat ons doen, is ons brein (verstand). Wat maak ons verstand met die geluide wat ons ore hoor?
5. Teken nou in jou werkboek 'n luister-ketting wat pas by vandag se verhaal (of gebruik woorde en pyltjies). Begin by God. Hoe gaan jy dit laat eindig?



Wegstuur/Huisgeloof

1. Vra een van jou ouers om vir jou te vertel wat gebeur het toe sy of hy eenkeer nie geluister het nie.
2. Gehoorsaamheid vra opofferings. Is dit waar of onwaar?
3. Hoe het God met Josef gepraat? Hoe kan God vandag met ons praat?
4. Om na God te luister en te hoor wat Hy vir ons wil sê, is iets wat ons moet *leer* doen. Is dit waar of onwaar?
5. Lees Efesiërs 2:8-10 saam (of enige ander Bybelgedeelte). Voltooi dan saam hierdie sin: Die Here sê hier vir ons ...

2. Johannes doop vir Jesus

Matteus 3:1-5, 13-17

Tema

Johannes die Doper luister na Jesus toe Hy vra om soos die ander mense gedoop te word. God noem Jesus sy Seun sodat baie mense dit kan hoor.

Agtergrond

Toe Johannes gebore is, het sy pa, Sagaria, oor hom gesing. Hy het 'n loflied geskryf wat ons in Lukas 1:68-79 kan lees. In hierdie lied sing hy dat sy seun die een is wat in die woestyn roep dat die pad vir die Here gereed gemaak moet word.

Matteus vertel hoe Johannes in die woestyn vir die mense preek dat hulle moet omdraai en op die pad van die nuwe Koning moet loop: "Bekeer julle, want die koninkryk van die hemel het naby gekom." Toe Jesus begin preek, het Hy dieselfde boodskap verkondig (Matt 4:17). Omdat Jesus die koning is, is die koninkryk van die hemel naby wanneer Jesus naby is.

Die doop is dikwels die begin van iets nuuts saam met 'n sekere groep mense. Jesus word gedoop om te sê dat Hy iets nuuts saam met sy volgelinge gaan begin. Wanneer ons gedoop word, beteken dit die Here neem ons saam met sy ander volgelinge op sy pad. Ons sê ons word "ingelyf". Daar is egter een groot verskil: Jesus se doop beteken nie Hy het voorheen sonde gedoen of Hy was op die verkeerde pad nie. Wanneer ons gedoop word, wys die doopwater egter (anders as by Jesus) dat Hy ons sonde wegneem (afwas) en ons op sy pad saamneem (Hy lyf ons in by Hom en sy kerk op aarde).

Toe Jesus na Johannes toe kom om gedoop te word, het Johannes erken dat Jesus anders is en hóm eintlik moes doop, maar hy was gehoorsaam aan Jesus om só "aan God se wil" te voldoen (3:15). Toe hy Jesus doop, het God die Vader uit die hemel gesê: "Dit is my geliefde Seun wat My bly maak." Die Heilige Gees was ook daar (die duif was die teken daarvan).

Aan die begin van Matteus se Evangelie vertel hy hoe Jesus, net soos ons, waarlik mens was deur Hom te laat doop (Hy het Hom met ons vereenselwig). Aan die einde van sy Evangelie skryf Matteus dat Jesus sy volgelinge uitgestuur het om baie mense te gaan doop: Baie mense moet aan God die Vader, die Seun en die Heilige Gees verbind word. Binne hierdie verbinding leer hulle alles wat Jesus in sy lewe gesê en gedoen het.

Bybelgedeeltes	Hoofgedagtes van die ontmoeting
Lees Matteus 3:1-5	1. Johannes preek dat die mense moet verander, want die koninkryk van die hemel is naby. Baie mense gaan na hom toe in die woestyn, waar hy hulle in die Jordaan doop.
Lees Matteus 3:13-15	2. Jesus kom ook om gedoop te word. Eers wou Johannes dit nie doen nie, maar toe Jesus sê Johannes moet Hom doop omdat God dit so wil hê, het Johannes vir Jesus gedoop.
Lees Matteus 3:16-17	3. Toe Johannes doen wat God wou hê, gebeur daar iets: Jesus word gedoop, die Heilige Gees daal op Hom neer soos 'n duif en die Vader praat uit die hemel: "Dit is my geliefde Seun wat My bly maak."

Uitkoms

1. Insig: Die Vader, sy Seun, Jesus, en die Heilige Gees was saam toe Jesus met sy werk op aarde begin het. Toe Johannes doen wat Jesus van hom gevra het, het Johannes gewys dat hy bereid was om na Hom te luister, en nie vir Hom wou voorsê nie.
2. Insig: Jesus se doop is anders as ons s'n, want die water dui nie daarop dat Jesus sonde gehad het wat weggewas is nie. Tog was sy doop net soos ons s'n omdat die doop vertel ons almal wat gedoop word, vorm een groep mense (met Jesus as ons leier/hoof).
3. Aanbid Jesus as die Seun van God.

Hulpmiddels by die storie

1. Verwys na paneel 2 en 6 van die LP3-benadering.
2. 'n Skyfie van die skildery van Mattias Grünewald (Isenheim-altaar, in die museum in Colmar, Frankryk) waar Johannes met sy vinger na Jesus wys.

http://en.wikipedia.org/wiki/Isenheim_Altpiece#mediaviewer/File:Mathis_Gothart_Gr%C3%BCnewald_019.jpg

Hulpmiddels vir kleingroepvaslegging

Junior kleingroep	Senior kleingroep
Bring saam	Bring saam
1. Vir elke kind 'n gekleurde plakker wat presies eenders lyk. 'n Ekstra plakker vir jou wat presies soos die kinders s'n lyk. 2. 'n Plakker wat heeltemal anders as die kinders s'n lyk. 3. Vir elke kind een uitgeknipte rooi blokkie (dupliseer vooraf) met strepies soos die een in hulle werkboeke wat presies op die swart blokkie pas. 4. Stiffiegom.	1. 'n Pen of potlood vir elke kind.
Voor die tyd	Voor die tyd
1. Maak die plakkers. 2. Dupliseer die rooi blokkie in die boek sodat daar vir elke kind een is. Knip dit uit.	Maak 'n afdruk van Mattias Grünewald se skildery om daaroor te gesels. Jy kan dit ook <i>Google</i> en op <i>Wikipedia</i> verder daaroor lees.

Die storie

Begin

Het julle al gesien hoe word 'n nuwe pad gebou? Daar is 'n legende ('n baie ou storie) van 'n baie belangrike koningin. Haar naam was Semiramis. Op pad na die ou stad Ekbatane moes sy met 'n baie lang pad deur bergpasse, skeure en klowe reis. Sy wou graag hê die mense moes vir altyd aan haar dink. Semiramis beveel toe dat haar onderdane die pad baie korter en meer reguit moes maak. Hulle moes die klowe opvul en uitgrawings maak totdat daar 'n pragtige nuwe, groot en korter pad was. Dié pad was so 'n groot sukses dat sy oral in die lande waar sy die koningin was sulke paaie laat maak het.

Nota


Diodorus' account of the march of Semiramis into Media and Persia will give us a clear notion of the preparation of the way for a royal expedition.

"In her march to Ecbatane, she came to the Zarcean mountain, which, extending many furlongs, and being full of craggy precipices and deep hollows, could not be passed without making a great compass about. Being therefore desirous of leaving an everlasting memorial of herself, as well as shortening the way, she ordered the precipices to be digged down, and the hollows to be filled up; and, at a great expense, she made a shorter and more expeditious road, which, to this day, is called from her, The road of Semiramis. Afterwards she went into Persia, and all the other countries of Asia, subject to her dominion; and, wherever she went, she ordered the mountains and precipices to be leveled, raised causeways in the plain country, and, at a great expense, made the ways passable."

Diod. Sic. lib. ii. and Bp. Lowth. (<http://www.godvine.com/bible/matthew/3-3>)

In die deel wat ons vandag lees, hoor ons daar was iemand wat alles gereed moes maak voordat Jesus met sy werk op aarde kon begin. Dit was net soos om 'n kronkelpad reguit en gelyk te maak voordat die koning kom.

Kom ons kyk eers na die panele van die LP3-benadering. Op paneel 6 sien ons 'n rooi lyn wat dan in twaalf lyne verdeel. Ons is nou op die plek net voordat Jesus sy twaalf dissipels kies, op die rooi lyntjie. Die rooi lyn wat in twaalf lyne verdeel, laat ons dink aan paneel 2, waarop daar ook so 'n rooi lyn is wat in twaalf verdeel. Dit was in die tyd toe Abraham, Isak en Jakob geleef en Jakob se twaalf seuns die twaalf familiegroepe van Israel geword het. Paneel 2 is in die Ou Testament. By paneel 6 begin die Nuwe Testament, want Jesus het iets nuuts kom doen.



Hoor

➤ **Moment 1: Lees Matteus 3:1-3**

Toe Jesus ongeveer 30 jaar oud was, het Johannes die Doper begin preek. Die Jordaanrivier het deur 'n stuk woestyn geloop. Johannes het growwe klere van kameelhare gedra en sommer goed wat hy in die woestyn kon kry, soos veldsprinkane en heuning, geëet. Dit is interessant dat baie mense van die stad Jerusalem juis na hom toe gegaan het, want die tempel en al die priesters was in Jerusalem self.

'n Mens voel dit sommer aan: Hier kom iets anders, iets nuuts.

En kon Johannes preek! Ek dink hy het die mense reguit in die oë gekyk en sommer padlangs met hulle gepraat: Bekeer julle! Draai om. Begin nuut. Hier kom 'n nuwe koninkryk met 'n nuwe Koning. Dit kom van die hemel af.

Die mense was bang vir 'n koning van die hemel. Hy sou weet van alles wat hulle verkeerd doen en waarvan God nie hou nie. Wanneer hulle by die Jordaan se water ingegaan en Johannes die skoon, koel water oor hulle gegooi het, het hulle nuut en skoon gevoel. Wanneer hulle op die wal uitgestap het, het hulle al hulle lelike sondes agtergelaat.

Toe kom Jesus daar aan.

➤ **Moment 2: Lees Matteus 3:13-15**

Toe Jesus na Johannes toe kom om gedoop te word, het Johannes dadelik erken dat Jesus sy meerdere is. Lukas vertel dat Jesus se ma, Maria, toe sy nog vir Jesus verwag het, na 'n familielid van haar toe gegaan het wat ook 'n baba verwag het. Dit was Elisabet, wat vir Johannes die Doper verwag het. Toe die twee vroue bymekaarkom, het die baba Johannes binne-in sy ma beweeg, en Elisabet het gesê haar baba het beweeg omdat Maria se baba die Here is (Luk 1:36, 39-45). Voor sy geboorte reeds het Johannes geweet Jesus is iemand baie besonder.

Opmerking

Deur die eeue het baie skilders vir Johannes uitgebeeld met sy vinger wat na Jesus toe wys. In die skildery van Mattias Grünewald (Isenheim-altaar, in die museum in Colmar, Frankryk) wat ongeveer 500 jaar gelede geskilder is, wys Johannes ook met sy vinger na Jesus. Toe Jesus gekruisig is, was Johannes die Doper reeds onthoof. Dit is dus 'n simboliese prent.


Die skildery het verskillende kante wat oopvou. Fokus net op die kruis en Johannes wat regs op die skildery is en met sy vinger wys.

By Johannes se voete is daar 'n lam met sy bloed wat in 'n nagmaalsbeker drup. Die Jesus-figuur aan die kruis se bloed loop ook uit.

In die Evangelie van Johannes word daar geskryf dat Johannes die Doper na Jesus gewys en gesê het: "Daar is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem."

Hierdie skildery van Jesus wys nog iets: Jesus het seerplekke (swere) aan sy lyf. Die skildery het eers in 'n plek soos 'n hospitaal se bidplek gehang. In hierdie hospitaal was daar in die tyd van die groot pessiëktes in Europa baie siek mense. Die skilder wou wys dat Jesus Hom ook met al die siek mense vereenselwig.

http://en.wikipedia.org/wiki/Isenheim_Altpiece#mediaviewer/File:Mathis_Gothart_Gr%C3%BCnewald_019.jpg



➤ **Moment 3: Lees Matteus 3:16 -17**

Van nou af maak Jesus vir Hom dissipels en doen sy werk in die laaste drie jaar op aarde voordat Hy gekruisig word, opstaan en na die hemel vertrek. Toe Hy gedoop is, het Jesus gewys Hy is deel van die mense, Hy staan tussen die mense en word soos hulle gedoop. Maar Hy is ook anders as die mense. Toe Hy gedoop is, was die Heilige Gees en die Vader ook “daar”, want Jesus is een van die Persone in die Drie-eenheid. Almal wat daar was, het gehoor hoe God sê Jesus is sy Seun wat Hy baie liefhet en oor wie Hy bly is.

’n Mens sou kon sê: Nou gaan dinge gebeur!

Dink

Kom ons dink ’n bietjie saam met ons oë toe. Verbeel jou ons staan by die Jordaanrivier:

Ons sien vir Johannes.

Ons hoor wat hy preek.

Ons sien die mense wat kom om gedoop te word.

Dan kom Jesus nader.

Hy sê iets vir Johannes.

Johannes skud sy kop. Hy wil nie.

Jesus praat met hom.

Dan stap hulle by die water in.

Johannes doop vir Jesus.

Jesus stap uit tot op die wal.

Kyk, ’n spierwit duif vlieg van bo af ondertoe, na Jesus toe.

Luister! Wat sê die stem?

Leef

Dit is iets wonderliks wat hier gebeur het. Jesus, wat self God is, het gewys Hy is ook deel van die mense. Rondom hulle het al die mense gestaan wat bang was vir die nuwe koning en hulle sonde laat afwas het. Toe Jesus tussen hulle kom staan, was dit asof Hy sê: “Moenie bang wees nie. Ek is by julle. Ek is een van julle.”

Wat maak ons met hierdie Jesus?

Ons luister na Hom.

Ons wil naby aan Hom wees.

Ons besef Hy is God, en daarom aanbid ons Hom.

Wanneer Hy ons nooi om gedoop te word, sê Hy ons is saam met die Vader, die Seun en die Heilige Gees, want Hy het ons sonde afgewas en gee aan ons hierdie spesiale saamwees.

Kleingroepvaslegging: Junior groep

Welkom

Deel vir elke kind 'n plakker uit wat presies soos die ander s'n lyk. (Almal s'n kan byvoorbeeld blou wees.) Plak dan ook op jouself 'n plakker wat anders lyk (dit kan rooi wees).

Wegspring

Wanneer julle begin, sê: "Hallo, blou span!"



Kyk of die kinders kommentaar lewer op jou plakker wat anders lyk as hulle s'n.

Terg hulle 'n bietjie deur te sê jy is in 'n beter span.

Ná 'n rukkie kan jy sê: "Eintlik wil ek ook in julle span wees. Daarom gaan ek nou vir my ook 'n blou plakker opplak. Dan is ons almal saam een span."

Werksaam

1. Kyk goed na die groot vierkant met die swart blokkie in die middel. Kan jy sien al die lyntjies loop teen die swart blok vas? Omdat die binneste blokke swart is, kan jy nie die lyntjies daarin sien nie.



2. Langsaan die groot blok is daar drie gekleurde blokkies. Een van hulle pas presies op die swart blokkie sodat jy al die lyntjies binne in die blokkie sal kan sien. Watter blokkie dink jy pas op die swart blok?
3. Plak die blokkie wat jy kry op die swart blok sodat al die lyntjies netjies pas.
4. Teken nou iets op die middelste blokkie wat jou aan Jesus laat dink.
5. Teken 'n klomp mense se gesigte op die groot blok rondom die "Jesus"-blok in die middel.

Jesus het deel van ons geword om ons te verlos en te help om nuut te leef.

Wegstuur/Huisgeloof

1. Gaan vertel by die huis: Die middelste blokkie laat ons aan Jesus dink. Hy is anders as ons, maar Hy het soos ons geword om by ons te wees en ons te help.
2. Lees Matteus 3:6, 16 en 28:19.

3. Voordat Jesus gekruisig is, is mense op twee maniere gedoop. Ná sy kruisiging het daar 'n derde soort doop bygekom. Jou doop (as jy al gedoop is) is as die vierde soort doop bygevoeg. Verbind nou die vier soorte doop in kolom A (1-4) met die regte beskrywing in kolom B (a-d). Jy kan elke soort doop met meer as een beskrywing verbind. Gesels dan daaroor.

A	B
1. Gewone mense (deur Johannes die Doper gedoop)	a. Is saam met of deel van ander mense wat gedoop is
2. Jesus (deur Johannes die Doper gedoop)	b. Is saam met God, verbind aan Hom
3. Mense (deur Jesus se dissipels gedoop)	c. Ontdek dat Jesus reeds vir ons sonde betaal het
4. Ek (deur _____ gedoop)	d. Begin leef soos die hemelse Koning vra

Kleingroepvaslegging: Senior groep

Welkom

Deel vir elke kind 'n plakker uit wat presies soos die ander s'n lyk. (Almal s'n kan byvoorbeeld blou wees.) Plak dan ook op jouself 'n plakker wat anders lyk (dit kan rooi wees).

Wegspring

Wanneer julle begin, sê: "Hallo, blou span!"

Kyk of die kinders kommentaar lewer op jou plakker wat anders lyk as hulle s'n.

Terg hulle 'n bietjie deur te sê jy is in 'n beter span.

Ná 'n rukkie kan jy sê: "Eintlik wil ek ook in julle span wees. Daarom gaan ek nou vir my ook 'n blou plakker opplak. Dan is ons almal saam een span."

Wonder

Dink 'n bietjie oor spanne. (Dink net, moenie praat nie.)

- In watter span of groep is jy, of hou jy nie van spanne nie?
- Is jy gelukkig in jou span?
- Watter ander mense sou jy graag in jou span wou hê?
- Het jy al daaraan gedink om 'n verloorspan as jou gunsteling span te kies?
- Dink aan Christene. Is die Christene wat jy ken een "span"?
- Het Jesus dalk 'n verloorspan gekies toe Hy Hom laat doop en by die mense aangesluit het?


Voltooi saam die volgende sin:

Jesus het deel van die mense, die sondige verloorspan, geword en ...

Werkzaam

1. In hierdie vier blokkies is vandag se Bybelverhaal met sirkels en 'n paar lyne geteken.

Gebruik nog lyne en sirkels om die verhaal beter uit te beeld, veral by prentjie 4. Jy mag nie woorde skryf nie.



2. Wys en verduidelik julle tekeninge vir mekaar.
3. Dink weer oor vandag se verhaal. Teken nou jouself met 'n sirkel en lyne in die oop raam. Teken dan nog dinge by jou om te wys wat vandag se Bybelverhaal vir jou sê.



Wegstuur/Huisgeloof

1. Lees Matteus 3:6, 16 en 28:19.
2. In kolom A en B hieronder lees jy weer van die drie soorte "doop". Voordat Jesus gekruisig is, is mense op twee maniere gedoop. Ná sy kruisiging het daar 'n derde soort doop bygekom. Jou doop (as jy al gedoop is) is as die vierde soort doop bygevoeg.
3. Verbind nou die vier soorte doop in kolom A (1-4) met die regte beskrywing in kolom B (a-d). Jy kan elke soort doop met meer as een beskrywing verbind. Gesels dan daaroor.

A	
1. Gewone mense (deur Johannes die Doper gedoop)	
2. Jesus (deur Johannes die Doper gedoop)	
3. Mense (deur Jesus se dissipels gedoop)	
4. Ek (deur _____ gedoop)	

B	
a. Is saam met of deel van ander mense wat gedoop is	
b. Is saam met God, verbind aan Hom	
c. Ontdek dat Jesus reeds vir ons sonde betaal het	
d. Begin leef soos die hemelse Koning vra	

3. Jesus oorwin versoekings *Matteus 4:1-11*

Tema

Jesus wys dat God se Woord soos 'n wapen is waarmee ons die duiwel en sy versoekings kan oorwin.

Agtergrond

Die verhaal van die Israeliete wat uit Egipte verlos word (paneel 3), begin met 'n slegte koning, die Israeliete wat deur die water gaan en dan deur die woestyn trek, waar hulle versoek en getoets word. Hulle leer om na God te luister en op Hom te vertrou. God sorg vir hulle in die woestyn.

Matteus beskryf Jesus se verhaal ook só: 'n slegte koning, Jesus word doop en dan in die woestyn versoek. Jesus ken God se Woord en oorwin só die duiwel. God se engele versorg vir Jesus in die woestyn.

Die soort versoekings waarmee die duiwel na Jesus toe kom, gaan oor kos, prestasie en eer, en mag oor baie volke. Dit is die soort dinge wat mense graag wil hê. Die grootste fout is egter wanneer jy na die duiwel luister en nie na God nie. Die een na wie jy luister, is tog jou "baas". Daarom kon Jesus nie na die duiwel luister nie.

Bybelgedeeltes	Hoofgedagtes van die ontmoeting
Lees Matteus 4:1-2	1. Dit is asof die Gees vir Jesus reguit na die plek van die duiwel toe lei om vir hom te gaan wys wie is regtig baas. Toe Jesus honger is, kom die duiwel ...
Lees Matteus 4:3-4	2. Die eerste versoeking gaan oor kos – wat erg is wanneer jy honger is.
Lees Matteus 4:5-7	3. Die tweede versoeking gaan oor iets wat 'n mens bereik en wat ander mense sal laat sê: "O, maar jy is wonderlik!" (Eer.)
Lees Matteus 4:8-10	4. Die derde versoeking gaan oor mag – om die baas of koning oor ander mense te wees en baie dinge te besit.
Lees Matteus 4:11	5. Ons kan daarop staatmaak dat God ons sal versorg. Ons moenie ingee wanneer die duiwel voorgee hy is die een wat vir ons enigiets kan gee nie.

Uitkoms

1. Insig: Jesus val nie vir die duiwel se versoekings nie.
2. Versekering: Ken die Woord en weerstaan só die versoekings.
3. Troos: Ons deel in Jesus se oorwinning oor die duiwel.

Hulpmiddels by die storie

- 'n Deurslot (nie 'n hangslot wat met die hand toegedruk kan word nie) met 'n paar verkeerde sleutels en een regte sleutel wat dit kan oop- en toesluit.
- Paneel 2, 3 en 6 van die LP3-benadering.

Hulpmiddels vir kleingroepvaslegging

Junior kleingroep	Senior kleingroep
Bring saam	Bring saam
Kleurkryt of inkleurpenne	Potlode of penne
Voor die tyd Maak vir elke groeplid 'n kaartjie met 'n Bybelvers daarop wat by hom of haar pas. Moenie die kaartjies koop nie. Dit moet spesiaal van jou af kom.	Voor die tyd Maak vir elke groeplid 'n kaartjie met 'n Bybelvers daarop wat by hom of haar pas. Moenie die kaartjies koop nie. Dit moet spesiaal van jou af kom.

Die storie

Begin

In my hand het ek 'n groot, sterk deurslot (of wys 'n prent). 'n Mens kan dit oop- of toesluit. Om dit oop te kry, het ek 'n sleutel nodig. (Probeer die slot oopmaak met verskillende sleutels wat nie wil werk nie.)

Ons besluite is amper soos 'n deurslot. Wanneer jy JA besluit, is dit soos om 'n slot oop te sluit. NEE kan weer wees soos om 'n slot toe te sluit. Soms is dit goed om 'n deur oop te sluit, maar soms is dit beter om dit toe te sluit. Ons het altyd die regte sleutel nodig. Onthou dit.

Kom ons kyk na paneel 2 en 3 van die LP3-benadering. Hier sien ons die lyntjie wat twaalf lyntjies word. Jakob se kinders het twaalf familie-groepe (stamme) gevorm. Saam is hulle Israel genoem. Aan die begin van paneel 3 sien ons die lyne buig ondertoe. Dit is die tyd toe hulle in Egipte swaargekry het. Moses het die volk uit die slawerny gelei. Hulle moes deur die Rietsee gaan. Dit was amper soos om gedoop te word. Hulle het die ou lewe agtergelaat. Voor hulle was 'n nuwe lewe. In hierdie nuwe lewe moes hulle leer om gehoorsaam te wees aan hulle Here wat hulle verlos het. Voordat hulle by die nuwe land kon intrek, moes hulle eers deur die woestyn trek. Een voorbeeld: Hulle het honger geword, en die Here het vir hulle manna en kwartels gegee. Hulle moes die manna optel presies soos die Here gesê het, maar hulle wou nie luister nie. Toe word die kos sleg. Kort-kort hoor ons hoe die Here met hulle oor hulle ongehoorsaamheid praat.

Wat gebeur op paneel 6? Dit is soos 'n "make-over". Die Ou Israel was nie aan die Here gehoorsaam nie. Matteus vertel nou van Jesus. Jesus het as baba ook 'n draai in Egipte gemaak. Hy is ook gedoop. En nou is Hy in die woestyn.

Na wie luister Hy?

Watter sleutel gebruik Hy?

Hoor

➤ **Moment 1: Lees Matteus 4:1-2**

Dis nogal vreemd dat hier staan die Gees het Jesus in die woestyn in gelei. Dit is asof die Gees voor loop en Jesus by die duiwel se lokval in lei. Ja, dis reg! Matteus skryf dit juis só om te wys wat hier gebeur, het nie maar sommer net gebeur nie. Die Gees het Jesus as die sterkste Een reg in die geveg in geneem. Wie gaan wen?

Kyk net na wat nog gebeur. Jesus bly eers 40 dae in die woestyn. Hy raak honger. Kan 'n honger mens sterk wees?

Kom ons lees verder.

➤ **Moment 2: Lees Matteus 4:3-4**

Die duiwel word hier die versoeker genoem. Hy kom na jou toe met vrae. Hy wys nie sommer dat hy die duiwel is nie. Die Bybel sê hy kom soos 'n wolf met skaapsklere aan. Hy probeer enigiets om ons na hom te laat luister.

Die duiwel weet Jesus is honger. Hy weet ook Jesus is die Seun van God. Hy weet Jesus kán klippe in brood verander. Dit alles is waar. Hy jok nie. Hy wil egter hê Jesus moet na hom luister en maak soos hy sê!

Dan gebruik Jesus 'n vers uit Deuteronomium 8. Hierdie vers vertel wat op paneel 3 gebeur. Kom ons lees daardie deel.

Lees Deuteronomium 8:1-3. Hier herinner die Here die Israeliete hoe Hy vir hulle gesorg het. Die belangrikste in ons lewe is om na die Here te luister. Dan sorg Hy vir ons.

Jesus wen die eerste rondte van hierdie geveg. Hy luister nie na die duiwel nie, maar wen omdat Hy geleer het om na God se woord te luister en dit te gebruik.

Wat gebeur toe? Kom ons lees verder.

➤ **Moment 3: Lees Matteus 4:5-7**

Die duiwel is verskriklik slim. Hy sien Jesus gebruik die Woord. Nou doen hy dit ook. Hy haal 'n vers uit Psalm 91 aan wat sê die een wat by die Allerhoogste wegkruip (skuiling vind), sal uitvind die Allerhoogste se engele dra hom op hulle hande (v 11). Nou wil die duiwel sommer hê Jesus moet van die tempel se hoogste punt af spring. Dink net wat sou gebeur as Jesus dit sou doen en niks oorkom nie! Al wat leef en beef, sou hande klap en dit oorvertel! Miskien sou Jesus 'n prys by die mense kry vir die beste toertjie ooit.

Maar Jesus gebruik 'n ander vers om vir die duiwel te wys 'n mens kan nie net een stukkie van die Woord gebruik nie. Jy moet al die verskillende kante van die Woord leer ken. Jy kan ander dele van die Woord gebruik om een spesifieke deel te verduidelik, of om te wys iemand gebruik die Woord verkeerd.

Jesus wen weer. Maar die duiwel gee nie so gou moed op nie.

Kom ons lees verder.

➤ **Moment 4: Lees Matteus 4:8-10**

Kan julle hoor hoe baie die duiwel van homself dink? Hy dink al die koninkryke van die wêreld en alles wat pragtig is, behoort aan hom en hy kan dit vir Jesus gee as Hy die duiwel sou aanbid. Sê nou maar die duiwel kom na jou toe en sê hy sal vir jou alles in die wêreld gee wat mooi is as jy hom sal aanbid, wat sal jy doen? Hy weet mense wil baie graag ryk wees en mag oor ander mense hê en hulle begeer mooi besittings. Dis een van ons groot swak punte, nè?

Jesus sien egter deur sy planne en jaag hom sommer weg met die laaste Skrifwoord wat Jesus ook uit Deuteronomium 6 aanhaal. Wat het die Here daar (verwys na paneel 3) vir Israel gesê? Lees Deuteronomium 6:10-13.

➤ **Moment 5: Lees Matteus 4:11**

Die duiwel sluip stert tussen die bene weg. Jesus is anders as die Israeliete. Hulle en ander mense luister baie maklik na die duiwel; Jesus nie. Hy is nie 'n gewone mens nie.

Dink

Maak julle oë toe! Dink aan lekker kos om te eet as jy honger is. Of dink aan iets goeds wat jy graag wil doen sodat almal vir jou sal hande klap of vir jou 'n prys sal gee. Dink ook aan 'n baie mooi huis en jou eie vliegtuig en motors. Verbeel jou jy is die president van 'n klomp lande en jy kan vir mense sê wat hulle moet doen en hoe hulle dit moet doen. Dit is wat ons begeer, nie waar nie?

Kom ons dink nou oor iets anders. Verbeel jou jy staan voor die groot Koning van die hemel en die aarde, die Here God. Hy sê vir jou: "Luister na my, want jy is my kind. Dink weer en weer en weer oor alles wat Ek vir jou sê. Dit is die sleutel tot al jou besluite. Sluit toe en sluit oop met die woorde wat Ek vir jou gee."

Leef

Elke dag is vol versoekings – dinge wat ons graag wil hê of maniere waarop ons kan dink of leef. Ons kan leef asof alles net gaan oor ons kos, ons eer en ons mag gaan. Ons dink: Ek is die beste! Wanneer ons die Koning hoor praat, leer Hy ons egter anders: Wees lief vir mense. Gee jou lewe sodat ander gelukkig kan wees. Deel met mekaar.

Toe die duiwel van Jesus af weggaan, het Hy met hierdie lewe van Hom voortgegaan, want Hy ken sy Vader se wil en woorde en gebruik dit reg. Wie aan Jesus vas is, is deel van die oorwinning.

Kleingroepvaslegging: Junior groep

Welkom

Maak vir elke groeplid 'n kaartjie met 'n Bybelvers daarop as 'n Bybelboekmerk of spieëlplakker. Deel dit aan die begin uit met die woorde: "Ek het hierdie week aan jou gedink en wil vir jou hierdie Bybelvers gee om saam op jou lewenspad te dra." In aansluiting by ons beeld van die sleutel kan jy dalk die Bybelgedeelte op 'n prent van 'n sleutel skryf.

Wegspring

Kom ons lees vir mekaar die Bybelverse wat ons gekry het.

Wersaam

1. Kom ons leer vandag Matteus 4:10. Kleur die letters van die woorde in jou werkboek met verskillende kleure in.

Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien.
– Matteus 4:10

2. Kyk na die doolhof in jou werkboek. Kan jy die regte paadjie na die sleutel kry? Daar is drie paadjies en baie bruggies. Jy mag nie van een bruggie tot op 'n ander paadjie spring nie.

Wegstuur/Huisgeloof

1. Vra vir jou huismense of julle saam 'n Bybelvers uit julle kop kan leer. Een van die grootmense kan 'n vers kies.
2. Sê dit hierdie week elke dag 'n paar keer saam. Teen volgende week sal julle dit al goed ken.
3. Hier is 'n paar verse wat julle kan kies: Psalm 23:1; Johannes 3:16-17; Markus 11:45; Romeine 6:11, of Romeine 8:38.

Kleingroepvaslegging: Senior groep

Welkom

Maak vir elke groeplid 'n kaartjie met 'n Bybelvers daarop as 'n Bybelboekmerk of spieëlplakker. Deel dit aan die begin uit met die woorde: "Ek het hierdie week aan jou gedink en wil vir jou hierdie Bybelvers gee om saam op jou lewenspad te dra." In aansluiting by ons beeld van die sleutel kan jy dalk die Bybelgedeelte op 'n prent van 'n sleutel skryf.

Wegspring

Kom ons lees vir mekaar die Bybelverse wat ons gekry het.

Wonder

Maak jou oë toe en dink aan 'n versoeking wat oor jou pad gekom het.

- Het dit van God of van die duiwel gekom?
- Was dit net vir my, of sou dit ander mense ook kon help (selfsug, of liefde)?
- As dit gebeur, sal die mense die Here loof?

Werksaam

1. Voltooi die woordraaisel in jou werkboek. Begin by een letter, volg die lyn tot by 'n ander blokkie en vul dan dieselfde letter daar in. Doen dit totdat daar 'n letter in elke blokkie is.
2. Gebruik die volgende letters om in die sirkels neer te skryf sodat al die letters saam woorde vorm: L, R, T, B, Y, L, U en G. Kon jy al agt hierdie letters op hulle regte plekke inpas sodat jy die sin kon lees?
3. Leer die vers nou saam. Gee vir elkeen 'n woord of woorde, soos "jou God" of "alleen" of "dien". Begin by die een wat die eerste woorde van die vers gekry het en laat elkeen sy of haar deel sê.
4. Gee nou vir elkeen 'n ander paar woorde en herhaal die oefening. Doen dit 'n paar keer totdat almal die vers goed ken.

Wegstuur/Huisgeloof

1. Vra vir jou huismense of julle saam 'n Bybelvers kan leer. Julle kan dit elke dag saam opsê totdat julle dit ken. Hier is verse wat julle kan kies: Psalm 23:1; Johannes 3:16-17; Markus 11:45; Romeine 6:11, of Romeine 8:38.
2. Vertel vir mekaar hoekom julle dink die vers wat julle gekies het, is belangrik om te ken.
3. Julle kan 'n speletjie daarvan maak om te kyk wie die vers eerste ken.

4. Jesus roep sy dissipels

Matteus 4:18-22

Tema

Jesus roep jou: Kom hier! Volg My!

Agtergrond

Jesus het pas sy eerste preek gepreek (4:17). Hy het gesê: Kom terug na God, want Hy is die groot Koning van die wêreld. Net daarna roep Hy vier gewone vissermanne om by Hom te leer wat sy preek beteken. Vissermanne uit Galilea was van die meer eenvoudige en onbelangrike mense onder die Jode, handarbeiders.

Rabbi's of geleerde leermeesters het almal dissipels gehad. 'n Dissipel was 'n leerling of leerder en het gewoonlik sy leermeester se idees aangehang en verkondig. Jesus het tot en met sy hemelvaart sy idees oor die koninkryk van God vir sy dissipels geleer, en hulle beveel om dit verder uit te dra. Ons het die neerslag daarvan vandag in die Nuwe Testament.

Bybelgedeeltes	Hoofgedagtes van die ontmoeting
Lees die opskrif van die perikoop	1. 'n Dissipel is 'n volgeling en leerder
Lees Matteus 4:19a	2. Jesus roep mense om Hom te volg.
Lees Matteus 4:18, 21	3. Jesus roep vissermanne om Hom te volg.
Lees Matteus 4:19b	4. Jesus roep vissermanne om hulle te leer om vissers van mense te wees.
Lees Matteus 4:20-22	5. Die vissermanne los alles en volg Jesus. Hulle word sy leerders.

Uitkoms

Staan in die vissermanne se skoene en beleef dat Jesus jou roep.

Hulpmiddels by die storie

Plakkaat of bord en 'n geskikte dikpunt-pen waarmee daarop geskryf kan word. Die paneel van Jesus se openbare optrede met 'n portret van Petrus op die regte plek.

Hulpmiddels vir kleingroepvaslegging

Junior kleingroep	Senior kleingroep
Bring saam	Bring saam
1. 'n Netbal- of rugbybal of enige ander bal 2. Groot plakkaatpapier en dik pen	1. 'n Netbal- of rugbybal of enige ander bal 2. Groot plakkaatpapier en dik pen
Voor die tyd Reël vooraf met die kinders om foto's van hulleself saam te bring.	Voor die tyd Reël vooraf met die kinders om foto's van hulleself saam te bring.

Die storie

Begin

Wat is die lekkerste: om in die rugby- of die netbalspan te speel, of om op die pawiljoen te sit en kyk hoe jou maats speel? Of as jy nie van rugby of netbal hou nie, dis mos baie lekkerder as jy maats het om mee saam te speel as om eenkant te sit en kyk hoe ander speel – of dit nou kaartspeel, 'n bordspeletjie (noem enige een) of wegkruipertjie is.

Ek wil nog 'n vraag vra: hoekom het 'n netbal- of 'n rugbyspan 'n afrigter? Om die kinders te leer om beter netbal of rugby te speel. Al is jy in die span, moet jy en jou spanmaats baie leer en oefen om die beste span te word. Daarom moet julle doen wat die afrigter sê.

Hoor

➤ **Moment 1: Lees Matteus 4:18-22 se opskrif**

Wat is 'n dissipel? Wie kan vir my sê? 'n Dissipel is om iemand se leerling of leerder te wees. Julle is mos almal leerders. Vandag sit 'n leerder by 'n onderwyser in die klas en leer by hom of haar om te lees en skryf, of om somme te maak, of om Engels te praat (nog voorbeelde). In Jesus se tyd was daar 'n paar baie slim onderwysers. Grootmense het na hierdie onderwysers toe gegaan om by hulle in die skool te wees en hulle leerders te wees. Hierdie leerders is in daardie tyd dissipels genoem. Die slim onderwyser het sy dissipels alles geleer wat hy geweet het. Jesus was die dissipels se onderwyser. Hulle was in sy klas. Daarom is hulle ook dissipels genoem.

➤ **Moment 2: Lees Matteus 4:19a**

In hierdie verhaal lees ons hoe Jesus sy eerste vier leerders of dissipels na Hom toe laat kom het. Ons sê Hy het hulle geroep om sy leerders te wees. Hulle was eintlik vir die volgende paar jaar by Hom in die skool en het orals saam met Hom gegaan. Ons sou ook kan sê dat Jesus vir daardie vissermanne gesê het, kom speel in my span – nou nie 'n rugby- of netbalspan nie, ook nie 'n visvangspan nie, maar 'n dissipelspan. 'n Span mense wat Jesus se leerders is. Dis nou soos Heyneke Meyer, die Springbokafrigter wat sê: Ek kan nie alleen teen die All Blacks speel nie. Ek het 'n rugbyspan nodig om teen die All Blacks te speel. En dan bel hy vir Victor Matfield en hy bel vir Jean de Villiers en hy bel vir Brian Habana en sê vir hulle, kom, kom speel in my Springbokspan. So het Jesus vir Petrus en Andreas en Johannes en Jakobus geroep en gesê, kom saam met my, kom speel in my span. Word my leerders.

➤ **Moment 3: Vertel Matteus 4:18, 21**

Die verhaal is eintlik so 'n bietjie vreemd. Jesus maak nie soos ons sou maak nie. Hy roep gewone vissermanne om in sy dissipelspan te kom speel. Hulle was nie van die ryk en geleerde en belangrike mense van hulle tyd nie. Doodgewone mense wat met hulle hande gewerk het. Mense soos ons. Heyneke Meyer sal net die beste rugbyspelers bel om in die Springbokspan te kom speel, en nie vir my en vir jou, en 'n paar van jou maats nie. Jesus werk egter anders as ons. Hy sê eintlik dat Hy nie net die beste mense as sy leerders wil hê nie. Hy kan enige mens gebruik, sterk en swak, slim en dom, ryk en arm, mooi en lelik, oud en jonk. Daarom sê Hy ook vir my en jou, kom speel in my span. Word my leerder. En dan maak Hy ons die beste span.

➤ **Moment 4: Lees Matteus 4:19**

Toe Jesus die vissermanne geroep het om sy leerders te word, het Hy vir hulle 'n snaakse ding gesê. Hy het gesê dat Hy hulle vissers van mense sal maak. Hulle kon visvang, daarvan het hulle baie geweet. Niemand kon hulle leer hoe om vis te vang nie. Maar om mense te vang, daarvan het hulle min geweet. Dis nou soos om vir 'n meisie te sê: Gaan speel losskakel vir die Springbok rugbyspan. Of om vir 'n seun te sê: Gaan speel hoofdoel vir die Protea netbalspan.

Toe Jesus hulle roep om vissers van mense te wees, het Hy dit op so 'n manier gesê: En moenie bang wees dat julle nie weet hoe om vissers van mense te wees nie, Ek is julle afrigter. Ek sal julle leer hoe om dit te doen. Ek sal julle leer hoe om die beste span te word. Want 'n dissipel is eintlik 'n leerder. In die volgende paar jaar wat hulle saam met Hom was, het Hy hulle geleer om ander mense na Hom toe te bring om ook in sy span te speel, om leerders van Hom te wees.

➤ **Moment 5: Lees Matteus 4:20-22**

Dit is baie interessant dat Petrus, Andreas, Johannes en Jakobus dadelik alles gelos het, en Jesus gevolg het. Hulle het onmiddellik by sy span aangesluit. Hulle het onmiddellik sy leerders geword.

Jesus roep ook vir my en jou sodat Hy ons kan leer om ander na Hom toe te bring. Beteken dit dat julle nou dadelik uit die skool uit moet gaan om iewers anders vir mense van Jesus te gaan vertel? Nee, ons hoef nie almal dominees of sendelinge te wees om vissers van mense te wees nie. Ons kan dit sommer by die skool al wees. Jesus roep jou om in sy span te speel, om in die klas te wees terwyl jy steeds in Graad 3 of 6 is, terwyl jy ook rugby of netbal speel of skaak of ballet doen of perdry of kunsklasse of musieklesse neem.

Dink

Oë toe! Dink 'n bietjie weer: wat is die lekkerste, om saam met jou maats te speel, of net te sit en kyk? Jesus het mense geroep om in sy span te speel. Hulle het dadelik alles gelos en in sy span gaan speel. Wat sou gebeur het as hulle egter gesê het dat hulle dit miskien later sal doen, maar nie nou nie?

Leef

Jesus roep ons om in sy span te speel. Hy is ons afrigter. Hy wil ons leer om die beste span te wees, al is ons maar gewone mense. Kom ons word sy leerders. Kom ons volg Hom.

Kleingroepvaslegging: Junior groep

Welkom

Gooi 'n netbal- of rugbybal vir een kind. Laat hy die volgende sin voltooi: Ek is vandag ... Hy gooi dan die bal na 'n volgende een. Laat sy dan weer sê: Ek is vandag ...

Wegspring

Speel eers 'n speletjie. Wie van die seuns wil graag 'n Springbok rugbyspeler word? En wie van die meisies wil graag 'n Protea netbalspeelster of hokkiespeelster word? Die wat hulle hande opgesteek het, gaan sit eenkant. Vra nou vir hulle elkeen watter posisie hulle graag wil speel en skryf hulle name en posisies op die bord. Dalk is daar drie skrumskakels en net een slot. Of vier doele, drie senters, maar geen verdedigers nie. Maak nie saak nie. Vra vir hulle of hulle dink hulle is goed genoeg om in die plek van die huidige Springbokke of Proteas te speel? Sê vir hulle 'n Springbok rugbyspeler moet minstens 85 kg weeg en 'n Protea netbalspeelster moet 1,9 m lank wees. Wie van die seuns weeg so swaar en wie van die meisies is so lank? Vra nou vir hulle wat moet gebeur voordat hulle regtig eendag vir die Springbokke of die Proteas kan speel. Laat almal weer tussen mekaar gaan sit.

Herhaal nou wat in die groot groep gesê is: Jesus roep doodgewone mense om in sy span te speel. Ons hoef nie eers groot genoeg of goed genoeg of slim genoeg te word om in sy span te speel nie. Die eerste mense wat Jesus geroep het, was vissermanne. Vra nou vir hulle wat doen hulle ouers vir 'n lewe en wat hulle graag wil word. Sê dan iets soos: of jy 'n onderwyser is, of 'n boer, of 'n mynwerker, of 'n klerk by die Spar, of 'n rekenmeester, of 'n ... (beroepe wat in julle omgewing algemeen is), Jesus roep enige een om sy leerder te word.

Werkzaam

1. Laat die kinders die foto's van hulleself plak op 'n groot plakkaat waarop *Jesus se dissipels* (bo) en *Jesus se leerders* (onder) geskryf staan.
2. Laat hulle dan in hulle werkboeke 'n prentjie teken van Jesus en sy leerders. (Dit kan ook by die huis gedoen word.)

Wegstuur/Huisgeloof

1. Verduidelik vir die mense by die huis die plakkaat met foto's. Vra of hulle graag deel van Jesus se span wil wees. As hulle wil, kan jy volgende keer foto's van hulle saambring en dit ook op die plakkaat plak.
2. Gesels by die huis hieroor: Is Jesus se volgeling altyd 'n span? Kan ons Hom nie een-een volg nie?
3. Waar is Jesus? Hoe kan ons na Hom toe gaan sodat Hy vir ons kan wys hoe om te leef?
4. Gesels oor Lydenstyd. Soek saam prente van mense wat swaarkry. Wie se swaarkry kan julle as gesin nou help verlig?
5. As jy kan, nooi volgende week 'n maat saam wat nog nie deel van ons span is nie.

Kleingroepvaslegging: Senior groep

Welkom

Gooi 'n netbal- of rugbybal vir een kind. Laat hy die volgende sin voltooi: Ek is vandag ... Hy gooi dan die bal na 'n volgende een. Laat sy dan weer sê: Ek is vandag ...

Wegspring

Speel eers 'n speletjie. Wie van die seuns wil graag 'n Springbok rugbyspeler word? En wie van die meisies wil graag 'n Protea netbalspeelster of hokkiespeelster word? Die wat hulle hande opgesteek het, gaan sit eenkant. Vra nou vir hulle elkeen watter posisie hulle graag wil speel en skryf hulle name en posisies op die bord. Dalk is daar drie skrumskakels en net een slot. Of vier doele, drie senters, maar geen verdedigers nie. Maak nie saak nie. Vra vir hulle of hulle dink hulle is goed genoeg om in die plek van die huidige Springbokke of Proteas te speel? Sê vir hulle 'n Springbok rugbyspeler moet minstens 85kg weeg en 'n Protea netbalspeelster moet 1,9 meter lank wees. Wie van die seuns weeg so swaar en wie van die meisies is so lank? Vra nou vir hulle wat moet gebeur voordat hulle regtig eendag vir die Springbokke of die Proteas kan speel. Laat almal weer tussen mekaar gaan sit.

Herhaal nou wat in die groot groep gesê is: Jesus roep doodgewone mense om in sy span te speel. Ons hoef nie eers groot genoeg of goed genoeg of slim genoeg te word om in sy span te speel nie. Die eerste mense wat Jesus geroep het, was vissermanne. Vra nou vir hulle wat doen hulle ouers vir 'n lewe en wat hulle graag wil word. Sê dan iets soos: of jy 'n onderwyser is, of 'n boer, of 'n mynwerker, of 'n klerk by die Spar, of 'n rekenmeester, of 'n ... (beroepe wat in julle omgewing algemeen is), Jesus roep enige een om sy leerder te word.

Wonder

Oë toe. Vir wie sou Jesus kies as Hy vandag met pouse vir Hom 'n span op ons skoolterrein moes bymekaarmaak. Dink so 'n bietjie.

Sou Hy jou ook kies? Hoekom?

Nota

Hou dit weer 'n stil saam-dink tydjie.

Werksaam

1. Laat die kinders die foto's van hulleself wat hulle gebring het op 'n groot plakkaat plak waarop bo-aan staan: *Jesus se dissipels*, en onderaan: *Jesus se leerders*.
2. Teken in jou werkboek 'n prentjie van Jesus en sy leerders.

Wegstuur/Huisgeloof

1. Verduidelik vir die mense by die huis die plakkaat met foto's. Vra of hulle graag deel van Jesus se span wil wees. As hulle wil, kan jy volgende keer foto's van hulle saambring en dit ook op die plakkaat plak.
2. Gesels by die huis hieroor: Is Jesus se volgeling altyd 'n span? Kan ons Hom dan nie maar een-een volg nie?
3. Jesus het vir sy dissipels gesê: "Kom na My toe." Waar is Jesus? Hoe gaan ons na Hom toe sodat Hy vir ons kan wys wat om te doen?

4. Gesels oor Lydenstyd. Soek saam prente van mense wat swaarkry. Wie se swaarkry kan julle nou help verlig?
5. As jy kan, nooi volgende week 'n vriend saam wat nie kerk of kategeese toe gaan nie. Vra hulle om 'n maat wat nie kerk toe gaan of kategeese bywoon nie, te nooi om volgende keer saam te kom.

5. Geseënde mense

leef anders

Matteus 5:1-12

Nota

Hierdie aanbieding vorm 'n eenheid met die volgende twee aanbiedings. Ons fokus op die saligsprekings. Die inhoud van die drie aanbiedings sou ook aangepas kon word om dit net oor een of twee geleenthede te doen. Ons versprei dit egter oor drie geleenthede om die aanleer van die agt saligsprekings makliker te maak, en om op meer aspekte te fokus. Dit is ook 'n mooi tema vir die hele Lydenstyd.

Tema

Kinders van die Here is geseënde mense wat anders wil lewe.

Agtergrond

Die saligsprekings moet teen die volgende agtergrond verstaan word:

Jesus het sy dissipels geroep om Hom te volg. Hy begin nou om hulle te leer. Daarom kan die saligsprekings gesien word as dissipelskap-materiaal (v 1-2: "Jesus se dissipels het na Hom toe gekom en Hy het hulle geleer en gesê ..."). Die saligsprekings is in die eerste plek bedoel vir mense wat alreeds 'n verbintenis gemaak het om Jesus te volg. Die volgorde om jouself *eers* aan Jesus te verbind en *dan* volgens die riglyne van die Bergpreek en saligsprekings te leef, is uiters belangrik. Dit kan nie, soos baie mense dink en probeer doen, andersom werk nie! Dan lei dit tot 'n moralisties-gedrewe menslike poging om 'n mooi lewe te probeer leef, met die gepaardgaande frustrasie. Die saligsprekings word dan gesien as kenmerke van Jesus se volgelinge, en nie as voorwaardes ten einde 'n volgelinge van Jesus te kan wees nie. Só word die saligsprekings dan gesien as 'n verklaring, 'n aankondiging van seënwense, en nie as 'n eis tot 'n bepaalde gedragspatroon nie.

Jesus praat hier met sy dissipels, dit is mense wat hulle alreeds verbind het tot 'n verhouding met Hom en om Hom te volg. Hy is nie hier gefokus op die menigte mense wat saam sit en luister na wat Hy vir sy dissipels (sy volgelinge) leer nie.

In die eerste jare van die Nuwe-Testamentiese kerk was die Christene 'n minderheids-groep en was hulle ook uit die laagste deel van die bevolking en dus brandarm. Die wêreld rondom hulle was meestal vyandig teenoor hulle. In hierdie wêreld is hulle geroep om Christene te wees, dws om volgens die styl van hulle leier, Jesus Christus, te leef. In die bergrede word die gordyn oopgetrek op die lewenstyl van Jesus self: Hy het nie net die bergrede vir ander gepreek nie, Hy het dit self geleef. Vir die volgelinge van Jesus word dit 'n droom en 'n ideaal om soos Jesus te leef.

Bybelgedeeltes	Hoofgedagtes van die ontmoeting
Lees Matteus 5:1-2	1. Die saligsprekings: Bedoel vir kinders van die Here wat vir Jesus as hulle leier wil volg.
Lees Matteus 5:3-12 oorsigtelik	2. Die saligsprekings: Jesus het dit self op aarde geleef. Daarom kan ons nou sy voorbeeld volg.
Lees Matteus 5:3-12, met die klem op die woord <i>geseënd</i>	3. Geseënd: Wat beteken dit?
Uitkoms Kinders van Jesus is geseënde mense wat graag die voorbeeld van hulle leier volg en doen wat Hy van hulle vra.	

Hulpmiddels by die storie

Plakkaat of bord en 'n geskikte dikpunt-pen waarmee tekeninge daarop gemaak kan word.

Hulpmiddels vir kleingroepvaslegging

Junior kleingroep	Senior kleingroep
Bring saam	Bring saam
1. Kryt of inkleurpenne 2. 'n Vel A2-papier (Blaaibordpapier werk die beste) 3. 'n Kokipen 4. 'n Boksie vuurhoutjies 5. Skêre	1. Penne of potlode 2. Skêre 3. 'n Boksie vuurhoutjies
Voor die tyd Reël dat die kinders buite die lokaal wag sodat jy die Welkom-oefening met hulle kan doen.	Voor die tyd Reël dat die kinders buite die lokaal wag sodat jy die Welkom-oefening met hulle kan doen.

Die storie

Begin

Waarom is dit lekker om te verjaar?

Nota

Dit is lekker om te verjaar, want dan kry ons geskenke en mense wens ons allerlei mooi seënwenne toe.

Kom ons kyk hoeveel voorbeelde van mooi seënwenne ons kan opnoem wat ons gewoonlik vir mense toewens as hulle verjaar. Ons kan ook voorbeelde opnoem van kerswenne en nuwejaarswenne.

Hoekom gee ons vir mense mooi seënwenne met hul verjaarsdag, kersfees en met nuwejaar?

Nota

Dit is belangrik dat die kinders sal weet dat ons seënwenne vir mense gee omdat:

1. Ons vir hulle liefhet en vir hulle omgee.
2. Ons wil hê dat hulle die mooi dinge van die lewe sal ervaar.

Hoor

➤ **Moment 1: Lees Matteus 5:1-2**

Alhoewel daar baie mense was wat agter Jesus aangeloop het om te hoor wat Hy alles te sê het, praat Jesus in die eerste plek hier met sy dissipels. Jesus gaan sit teen die skuinste van 'n berg (wat eintlik 'n klein koppie was) en sy dissipels gaan sit naby aan Hom. Die ander mense het teen die skuinste aan die onderkant van Jesus gaan sit sodat hulle Hom kon hoor. Dit is waarom ons dit die Bergpreek noem. Dit is Jesus se preek (dit wat Hy sy dissipels wil leer) teen die skuinte van die berg of koppie. Dit wat Jesus in die Bergpreek vir sy dissipels leer, vind ons in Matteus 5:3-7.

Jesus se dissipels is die mense wat gekies het om Hom te volg omdat:

1. Hulle met Hom 'n verhouding wil hê.
2. Hulle by Hom wil leer oor geloof en oor die lewe.
3. Hulle wil leef soos wat hy leef. Hulle wil graag sy voorbeeld volg.

Jesus het nie bedoel dat ons (as mense wat hom liefhet en hom volg) al hierdie dinge wat in die saligsprekings genoem word *moet* doen *sodat* ons sy kinders en sy volgelinge kan word nie. Nee, ons *wil* dit doen *omdat* ons sy kinders en sy volgelinge is. Die eienskappe wat hier genoem word, is uiteindelik *kenmerke* van die lewens van Jesus se volgelinge, en nie *voorwaardes* wat hy stel alvorens iemand hom kan volg nie.

➤ **Moment 2: Lees Matteus 5:3-12**

Nota

Moenie hier op die detail van die saligsprekings ingaan nie. Dit is vir eers genoeg as die kinders net 'n oorsig oor die saligsprekings kry. Oor die volgende twee weke gaan ons in die detail daarvan ingaan.

Al hierdie eienskappe wat Jesus in die saligsprekings opnoem, het Hy self op aarde geleef:

1. Hy was *afhanklik van God* om te kon doen waarvoor God Hom na die aarde toe gestuur het, nl om die wêreld te kom red van die oordeel en straf wat hulle verdien omdat hulle sondig is.
2. Hy het self *getreur* oor dit wat alles verkeerd en stukkend is in ons wêreld.
3. Hy was self *sagmoedig*.
4. Hy het self altyd gedoen wat reg is.
5. Hy het self *barmhartigheid* aan mense bewys.
6. Hy was *rein van hart* en het self geen sonde gedoen nie.
7. Hy was self 'n *vredemaker*. Hy het vrede gemaak tussen God en mens, asook vrede tussen mense onderling.
8. Hy is self *vervolg* omdat Hy gedoen het wat reg is.
9. Mense het Hom *beledig en gespot*, veral toe Hy gely en gesterf het. Hulle het Hom vals beskuldig en as 'n onskuldige mens gekruisig.

Omdat Jesus self hierdie voorbeeld vir sy volgelinge gestel het, wil die mense wat met Hom 'n verhouding het en Hom volg graag sy voorbeeld as hulle leier volg. Hulle wil lewe soos wat Hy geleef het. Jesus help ons, deur die Heilige Gees, om hierdie eienskappe deel van ons lewe te maak. Alhoewel dit nie alles sommer onmiddellik deel van ons manier van lewe is nie, help die Heilige Gees ons om dit, hoe langer ons sy kinders is, al meer deel van ons lewe te maak.

➤ **Moment 3: Fokus nou op die woordjie: geseënd**

Hoekom word hierdie gedeelte die *saligsprekings* genoem?

Nota

Dit is belangrik dat die kinders sal weet wat die woord *salig* beteken. Dit word nou aan hulle verduidelik met sinonieme begrippe.

Woorde en begrippe wat dieselfde bekenis het as *geseënd* (die woord in die Grieks is *makarios*):

1. Gelukkig
2. Die woord wat gebruik word, is *salig* – daarom die woord *saligsprekings*. Ons gebruik nog soms die woord as ons sê: "O, dis darem salig hier!"

➤ **Moment 4: Dit dui op God wat omgee en daarom uit liefde die beste seënwenne oor sy volgelinge uitspreek**

Jesus seën sy volgelinge. Dink aan die seënwenne wat ons vir mense gee, wat ons netnou opgenoem het. Hy seën hulle omdat Hy vir hulle omgee en vir hulle lief is. Daarom wil Hy dit doen. 'n Mens seën mos iemand vir wie jy lief is! Hierdie seënwenne maak dat ons gelukkig is in sy oë. Is dit nie wonderlik om deur Jesus geseënd en gelukkig genoem te word nie? Wat 'n voorreg!

Jesus se seënwenne is waar vir ons lewe hier en nou terwyl ons hier op aarde is, maar ook vir die ewige lewe nadat ons doodgegaan het. Dan sal ons vir altyd gelukkig by Hom in die hemel wees.

Dink

Watter emosies (gevoelens) kom in jou hart op as jy Jesus die volgende vir jou hoor sê? "In my oë is jy 'n geseënde en gelukkige mens. Volg My voorbeeld en leef soos wat Ek vir jou vra."

Leef

Almal maak hulle oë toe.

Nota

Die volwasse jeugleier/kategeet lees weer Matteus 5:3-12 stadig en met rusposes voor elke saligspreking aan die kinders voor.

Vra nou in jou gedagtes vir die Heilige Gees om jou te help om Jesus se voorbeeld te volg en jou te help dat hierdie eienskappe al meer in jou lewe sigbaar sal word, veral wanneer dit nie altyd so maklik is om 'n kind van Hom te wees nie.

Iemand sê dat slegte goed wat jy vir iemand sê, lank nog in daardie persoon se gedagtes bly. As jy iets in vyf sekondes sê, bly dit vir vyf uur nog in daardie persoon se lewe en dan maak dit ook sy lewe sleg. Wanneer Jesus nou mooi goed oor ons sê, bly dit so in ons gedagtes en maak ons lewe aangenaam.

Kleingroepvaslegging: Junior groep

Welkom

Nota

Die kleingroep staan voor die deur van die lokaal waar hulle bymekaarkom. Die volwasse jeugleier/kategeet laat die kinders een-een by hom of haar verbyloop. Soos wat elke kind verbyloop, fluister in sy of haar oor (so sag dat die ander dit nie kan hoor nie!) die volgende seënswens: “Ek seën jou met Jesus se liefde en vrede.”

Vra: Hoe het dit vir jou gevoel toe ek die mooi seënswense vir jou in jou oor gefluister het?

Wegspring

In geval van die kleiner kinders: Lees weer die saligsprekings (Matteus 5:3-12) vir die kinders.

In die geval van die groter kinders wat al self met gemak kan lees, is dit aan te beveel dat elkeen kans kry om een versie van die teksgedeelte hardop voor te lees.

Watter een van hierdie saligsprekings staan vir jou uit en trek onmiddellik jou aandag, en sê hoekom.

Werksaam

1. Ons steek 'n vuurhoutjie aan en voordat dit uitbrand moet die kleingroep antwoorde op die volgende drie vrae gee:
 - Wat maak dat kinders dink hulle is gelukkig en geseënd?
 - Hoekom verskil dit wat mense reken hulle gelukkig en geseënd maak, so van dit wat Jesus sê in die saligsprekings?
 - Noem vinnig weer woorde op wat dieselfde beteken as *geseënd*.
2. Noem drie voorbeelde van 'n akteur of 'n kunstenaar of 'n sportster wat kinders en jongmense se helde is.

Nota

Skryf die name op 'n groot vel papier (soos blaaibordpapier of A2-papier/karton) neer, asook die kinders se antwoorde op die volgende vrae.

3. Kom ons kyk weer na die eienskappe wat Jesus in die saligsprekings noem:
 - Om *afhanklik* van God te wees en nie altyd te dink jy is so oulik dat jy alles op jou eie kan doen en niemand anders nodig het om jou te help nie.
 - Om te *treur* beteken hier om hartseer te wees oor alles wat verkeerd en stukkend is in ons wêreld.
 - Om *sagmoedig* te wees, is om sag met mense te wees, veral wanneer hulle jou kwaad maak of dinge doen waarvan jy nie hou nie.
 - Om honger en dors te wees na wat *reg* is, is om altyd alles wat reg is te wil doen en om dit wat verkeerd is, te vermy.
 - Om *barmhartig* te wees, is om mense wat swaarkry te help en om te gee vir arm mense.

- Om *rein van hart* te wees, is om 'n skoon en mooi lewe te wil leef.
- Om 'n *vredemaker* te wees, is om altyd vrede te wil maak tussen mense wat kwaad is vir mekaar.
- Om *vervolg te word* omdat jy *doen wat reg is*, is om deur mense gespot en uitgeskuif te word omdat jy altyd wil doen wat reg is.
- Om *onregverdig* deur mense *sleg gesê te word* omdat jy vir Jesus volg, Hom liefhet en Hom dien.

4. Dink aan jou held. Watter een van die eienskappe hierbo kan jy by sy of haar naam skryf?

5. Kies een van die nege saligsprekings. Teken op bladsy 37 van jou werkboek 'n prentjie wat hierdie eienskap uitbeeld. Knip dit uit en bêre dit in jou Bybel. Vra die Heilige Gees elke keer om jou te help om dit vandag deel van jou lewe te maak.

7. Vorm groepe van twee elk en gesels hieroor:

Watter een van hierdie nege eienskappe sal jy baie graag wil hê moet ander mense in jou lewe kan raaksien? Hoor mooi wat jou maat sê.

Bid nou die volgende gebed vir jou maat:

“Heilige Gees, help asseblief vir dat hierdie eienskap deel van sy of haar lewe sal word. Amen!”

Wegstuur/Huisgeloof

1. Wys jou tekening vir jou gesin en vertel hulle hoekom jy besluit het om hierdie spesifieke eienskap deel van jou lewe te maak. Vra hulle om jou elke dag op 'n mooi manier te help om dit te onthou.
2. Vra almal in jou huis om een saligspreking op 'n stukkie karton neer te skryf. Plak dit op waar julle saam eet en lees dit gereeld.
3. Dink saam oor die volgende: Watter saligsprekings het iets met Lydenstyd te doen?

Kleingroepvaslegging: Senior groep

Welkom

Nota

Die kleingroep staan voor die deur van die lokaal waar hulle bymekaarkom. Die volwasse jeugleier/kategeet laat die kinders een-een by hom of haar verbyloop. Soos wat elke kind verbyloop, fluister in sy of haar oor (so sag dat die ander dit nie kan hoor nie!) die volgende seënswens: "Ek seën jou met Jesus se liefde en vrede."

Nota

Vra die volgende twee vrae in die kleingroep en gee geleentheid vir soveel as moontlik kinders om dit te antwoord.

- Hoe het dit vir jou gevoel om hierdie mooi seënswens te hoor?
- Watter mooi seënswens sal jy graag in jou Pa of Ma se oor wil fluister?

Wegspring

Lees weer die saligsprekings (Matteus 5:3-12).

In die geval van die groter kinders wat al self met gemak kan lees, is dit aan te beveel dat elkeen kans kry om een versie van die teksgedeelte hardop voor te lees.

Watter een van hierdie saligsprekings staan vir jou uit en trek onmiddellik jou aandag, en sê hoekom.

Ons steek 'n vuurhoutjie aan, en voordat dit uitbrand moet die kleingroep antwoorde op die volgende vrae gee:

1. Wat maak dat jongmense dink hulle is gelukkig en geseënd?
2. Hoekom verskil dit wat mense reken hulle gelukkig en geseënd maak, so van dit wat Jesus sê in die saligsprekings?
3. Noem vinnig weer woorde op wat dieselfde beteken as *geseënd*.

Wonder

Vra die groep om aan die saligsprekings te dink. Speel enige mooi stukkie musiek sonder woorde. Water prentjie(s) kom in julle gedagtes op.

Wersaam

1. Dink na oor die saligsprekings:

- Watter een van hierdie eienskappe kom die *meeste* in jou lewe voor?
- Watter een van hierdie eienskappe kom die *minste* in jou lewe voor?

2. Vul die tabel in jou werkboek in. Skryf die naam van jou gunsteling akteur, sportster en sanger neer. Skryf by elkeen een opvallende positiewe eienskap neer wat hy of sy uitleef. Skryf dan een eienskap uit die saligsprekings neer wat jy aan hierdie persoon kan verbind.

	Akteur	Sportster	Sanger(es)
Naam			
Positiewe eienskap			
Eienskap uit saligspreekings			

3. Kom ons kyk weer na die eienskappe wat Jesus in die saligspreekings noem:

- Om *afhanklik* van God te wees en nie altyd te dink jy is so oulik dat jy alles op jou eie kan doen en niemand anders nodig het om jou te help nie.
- Om te *treur* beteken hier om hartseer te wees oor alles wat verkeerd en stukkend is in ons wêreld.
- Om *sagmoedig* te wees, is om sag met mense te wees, veral wanneer hulle jou kwaad maak of dinge doen waarvan jy nie hou nie.
- Om honger en dors te wees na wat *reg* is, is om altyd alles wat reg is te wil doen en om dit wat verkeerd is, te vermy.
- Om *barmhartig* te wees, is om mense wat swaarkry te help en om te gee vir arm mense.
- Om *rein van hart* te wees, is om 'n skoon en mooi lewe te wil leef.
- Om 'n *vredemaker* te wees, is om altyd vrede te wil maak tussen mense wat kwaad is vir mekaar.
- Om *vervolg te word* omdat jy *doen wat reg is*, is om deur mense gespot en uitgeskuif te word omdat jy altyd wil doen wat reg is.
- Om *onregverdig* deur mense *sleg gesê te word* omdat jy vir Jesus volg, Hom liefhet en Hom dien.

4. Kies enige saligspreking. Blaai na bladsy 41 in jou werkboek en skryf jou saligspreking daar neer. Skryf dan ook 'n kort paragraaf om te verduidelik hoe jy, met die hulp van die Heilige Gees, hierdie eienskap elke dag deel van jou lewe gaan maak. Knip dit uit en sit dit voor in jou Bybel. Lees dit elke dag in die week wat kom.

5. Maak groepe van twee. Vra mekaar: "Watter een van hierdie nege eienskappe sal jy baie graag wil hê moet ander mense in jou lewe kan raaksien?"

Bid nou hierdie gebed vir jou maat:

"Heilige Gees, help asseblief vir _____ dat die saligspreking (noem die eienskap) deel van sy of haar lewe sal word. Amen."

Wegstuur/Huisgeloof

1. Wys vir die mense by die huis wat jy geskryf het oor die eienskap wat jy deel van jou lewe wil maak. Vra hulle om jou elke dag daaraan te herinner.
2. Vra vir elkeen in die huis om een saligspreking op 'n stukkie karton neer te skryf. Plak dit op waar julle saam eet sodat julle gereeld daaraan herinner sal word.
3. Watter van saligspreekings het iets met Lydenstyd te doen?

6. Geseënde mense dink aan ander *Matteus 5:3-6*

Tema

Geseënde mense is nie die hele tyd net met hulleself besig nie.

Agtergrond

Matteus skryf vir 'n klein groepie Christene. Die wêreld rondom hulle is was redelik vyandig teenoor hulle en het hulle selfs gespot oor wat hulle glo. Vir hulle was die lewe dikwels ook 'lydenstyd', net soos wat dit vir Jesus was toe Hy op aarde was. Al wat hierdie klein groepie (verreweg in die minderheid) eerste Christene gehad het, was hulle geloof in die Here God, asook die liefde van Jesus in hulle harte vir ander mense. Dit is juis die voorbeeld wat Jesus self gestel het in die uitleef van die saligspreekings deur sy eie lewe wat die Christene gemotiveer het om dieselfde te doen.

Bybelgedeeltes

Hoofgedagtes van die ontmoeting

Lees Matteus 5:3

1. Die Here Jesus skenk sy koningskap aan sy volgelinge wat weet dat hulle Hom baie nodig het.

Lees Matteus 5:4

2. Die Here Jesus troos sy volgelinge wat hartseer is oor al die verkeerde dinge in die wêreld.

Lees Matteus 5:5

3. Die Here Jesus sal sy volgelinge eendag op sy nuwe aarde laat bly as hulle nou hier op aarde sagmoedig teenoor ander mense optree.

Lees Matteus 5:6

4. As Jesus se volgelinge 'n groot innerlike hongerte het om te doen wat reg is in die Here se oë, sal Hy self hierdie honger van hulle versadig.

Uitkoms

1. Insig: Verstaan dat die eerste vier saligspreekings maak dat Jesus se volgelinge nie die hele tyd net met hulself kan besig wees nie. Dit laat hulle eerder fokus op die Here en op die dinge wat vir Hom belangrik is.
2. Aanleer: Leer die eerste vier saligspreekings.

Hulpmiddels by die storie

1. 'n Tafel
2. Tien verskillende groottes en verskillende soorte koeldranke of sjokolades. Die getal kan aangepas word na gelang van die grootte van die groep.

Hulpmiddels vir kleingroepvaslegging

Junior kleingroep	Senior kleingroep
Bring saam	Bring saam
Potlode of penne	Potlode of penne

Die storie

Begin

Indien dit in 'n grootgroep aangebied word: Roep 'n groep van ten minste tien kinders vorentoe.

Nota

Sit aan die een kant van die vertrek 'n tafel neer met tien verskillende soorte koeldranke in verskillende groottes blikkies en bottels daarop (bv 350 ml, 500 ml, 1 liter en minstens een 2 liter; sjokolade kan ook goed werk, solank dit net verskillende groottes en verskillende soorte is).

Laat die groep van tien kinders aan die anderkant van die vertrek staan – 'n redelike afstand van die tafel af.

Verduidelik aan hulle:

1. Ek gaan van tien af terug tel (maak dit baie dramaties!). As ek by een kom, moet julle as groep na die tafel toe gaan om vir julleself 'n koeldrank (of sjokolade) te gaan kry.
2. Dit wat jy in die hande kan kry, is joune. Ek mag aan die einde twee kinders s'n omruil.
3. Elkeen mag net een koeldrank/sjokolade vat.
4. 'n Belangrike reël: Julle kan maak soos julle wil, maar niemand mag met hierdie speletjie seerkry nie!

Nota

Eie aan die aard van kinders – met die fokus op 'n gesindheid van 'elkeen vir homself' – gaan die kinders na die tafel toe hardloop om eerste daar te wees ten einde die grootste koeldrank/sjokolade te kan kry.

Vraag: Wat het so pas hier gebeur?

Nota

Laat die res van die kinders in die grootgroep hierdie vraag antwoord.

Die punt waarby jy wil uitkom:

1. Elkeen het net op sy of haar eie belange gefokus.
2. Die ander nege kinders se belange het nie saak gemaak nie.
3. Eie verryking en voordeel staan voorop in mense se lewens.
4. Die wêreld waarin ons leef se leuse is: "Elkeen vir homself en na de duiwel met die res!"

Laat die persoon wat die grootste koeldrank (sjokolade) gevat het, dit omruil met die persoon wat die kleinste een gekry het omdat hy of sy nie so vinnig by die tafel kon kom nie.

Ons gaan vandag by die eerste vier saligsprekings stilstaan met die tema: "Geseënde mense is nie die hele tyd net met hulleself en hulle eie belange besig nie."

Hoor

➤ **Moment 1: Lees Matteus 5:3**

Eerste saligspreking: “Geseënd is dié wat weet hoe afhanklik hulle van God is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel.”

Die klem val hier op iemand wat heeltemal afhanklik is van die Here – iemand wat weet dat hy Hom regtig nodig het. Só iemand vertrou dan heeltemal op die Here. Dit is soos ’n klein babatjie wat vir alles van sy mamma se versorging afhanklik is.

Volgeling van Jesus wat só op die Here vertrou, kan aan Jesus se belofte vashou dat hulle alreeds deel geword het van sy nuwe wêreld (sy nuwe koninkryk). Die Fariseërs en Skrifgeleerdes was baie seker van hulleself, en was geestelik hoogmoedig. Hulle het gedink dat hulle geestelik ‘ryk’ is, en dat hulle baie beter is as die ander mense wat nie goed genoeg is en wat dit ‘nie maak nie’. Vir die lesers aan wie Matteus hier skryf – ’n klein groepie Christene wat ervaar dat hulle ‘op ’n eiland’ leef tussen ’n groot see van mense wat nie van hulle hou nie en wat soos hulle vyande is, is hierdie uitspraak van Jesus ’n boodskap van hoop en troos in hulle omstandighede.

➤ **Moment 2: Lees Matteus 5:4**

Tweede saligspreking: “Geseënd is dié wat treur, want hulle sal vertroos word.”

Wanneer ons die woord *treur* hoor, dink ons gewoonlik aan iemand wat treur omdat ’n familielid of ’n vriend oorlede is. Die treur waarna Jesus hier verwys, is ’n ander soort treur. Dit is baie meer as om te huil omdat jy hartseer is. Dis om te treur oor die stukkende en verkeerde dinge in die wêreld waarin ons elke dag lewe.

Het jy al iets op die TV-nuus gesien wat so hartseer is, dat jy ook sommer daarvoor wil huil? Ons lewe in ’n stukkende wêreld vol stukkende mense met stukkende verhoudings, met al die seer wat mense kry. Hierdie saligspreking, so vreemd soos wat dit dalk mag klink, wil eintlik Jesus se volgeling, wat só treur, gelukwens. Dit wil sê: Hulle het die regte hart, want die Here is ook baie hartseer oor al die stukkend en seer in ons wêreld. Jesus belowe dat sy volgeling wat so treur, deur die Here self vertroos sal word. Dit was ’n baie belangrike boodskap vir die klein groepie Christene vir wie Matteus hier skryf – volgeling van Jesus wat swaarkry en gespot word omdat hulle in Hom glo.

➤ **Moment 3: Lees Matteus 5:5**

Derde saligspreking: “Geseënd is die sagmoediges, want hulle sal die nuwe aarde ontvang.”

Hierdie saligspreking sluit aan by die eerste saligspreking. Dit is ook in teenstelling met diegene (soos die Fariseërs en Skrifgeleerdes) wat eintlik op hulself vertrou. Dit maak hulle baie selfversekerd veral teenoor ander ‘gewone’ mense. Jesus, as die teenoorgestelde van die Skrifgeleerdes en Fariseërs, is eintlik die voorbeeld van sagmoedigheid. Om sagmoedig te wees, is om sag met mense te wees, om ’n sagte hart vir ander mense te hê. Die twee dele waaruit die Afrikaanse woord bestaan, vertel eintlik mooi wat dit beteken: terwyl jy sag is met mense, gee jy nie sommer moed op nie. ’n Mens kan eintlik net sagmoedig wees, as die Here jou help. As jy alleen is, sonder die Here, verloor jy jou moed en kan jy sommer aan die skel en raas gaan. Volgeling van Jesus wys dieselfde eienskap van sagmoedigheid as hulle leier vir wie hulle volg en aanhang. Weer eens moet ons onthou dat Matteus hier skryf vir volgeling van Jesus wat, as ’n klein groepie mense, baie swaarkry omdat die meeste mense rondom hulle nie in Jesus glo nie. Inteendeel, hierdie mense spot met die Christene en sê allerhande lelike dinge vir hulle. Daarom moet hulle onthou wat Jesus gesê het: Wees sagmoedig teenoor ander mense, al is dit mense wat lelik is met julle.

Jesus belowe dat sy volgelinge wat sagmoedig is – wat 'n sagte hart vir ander mense het – die nuwe aarde sal ontvang. Met *nuwe aarde* verwys Jesus na die hemel. Sy sagmoedige volgelinge sal eendag beloon word met die hemel.

➤ **Moment 4: Lees Matteus 5:6**

Vierde saligspreking: “Geseënd is dié wat honger en dors na wat reg is, want hulle sal versadig word.”

Die volgelinge van Jesus moet altyd soek na wat reg is. Jesus het mos sy kinders se verhouding met God herstel of ‘reg’ gemaak aan die kruis. Nou kan sy volgelinge ook in hulle elke dag se lewe die hele tyd daarna streef om die regte dinge te doen in 'n wêreld waar daar so baie verkeerdheid is. Tog gebeur dit nie sommer net vanself nie. Nee, sy volgelinge moet 'n hongerte en 'n dors (soos iemand wat baie honger en baie dors is) hê om altyd uit te vind wat reg is en dit dan te doen. Nie omdat hulle *moet* nie, maar omdat hulle *wil*. Die belofte wat Jesus hier maak, is belangrik. Hy sê dat Hy self sy volgelinge se honger en dors sal versadig – dit beteken *stilmaak*, laat ophou soos wanneer jy lekker geëet en gedrink het. Hy sal self vir ons help en vir ons wys wat reg is. Hy sal ons help om te doen wat reg is – om dit te doen wat Hy graag wil hê ons moet doen.

Dink

Ons tema vir vandag is: “Geseënde mense is nie die hele tyd net met hulleself besig nie.” Dink 'n bietjie na oor alles wat verlede week in jou lewe gebeur het. Waar orals het dit dalk gebeur dat jy net aan jouself gedink het en aan niemand anders nie? Net jy was toe vir jouself belangrik. Jy het nie eintlik vir ander mense omgee nie – hulle was nie vir jou belangrik nie.

Leef

Kom ons lees Filippense 2:3-4 saam. Watter praktiese raad gee die Bybel vir ons hier oor hoe ons teenoor ander mense moet optree?

1. Wees nederig teenoor ander mense – moenie dink jy is beter as hulle nie.
2. Ag iemand anders hoër as jouself – tree op teenoor ander mense asof hulle almal belangriker is as jy.
3. Dink altyd aan die belange van ander mense – hoe kan ek hulle help en dinge vir hulle in die lewe makliker maak.

Kleingroepvaslegging: Junior groep

Welkom

Groet elke kind persoonlik deur in sy of haar oë te kyk en die volgende te sê: “Ek sien jou met Jesus se liefde.”

Wegspring

Vra die volgende vraag, maar moenie te veel tyd daaraan spandeer nie: “Wie van julle het die afgelope week iets gesien in ons dorp/stad of op die TV wat jou ongelukkig of hartseer laat voel het? Vertel ons kort en vinnig daarvan.”

In die geval van die kleiner kinders: Lees weer die eerste vier saligsprekings (Matteus 5:3-6) aan die kinders voor.

In die geval van die groter kinders wat al self met gemak kan lees, is dit aan te beveel dat vier kinders elk die kans kry om een versie van die teksgedeelte hardop voor te lees.

Met wie praat Jesus hier? (Antwoord: Met sy volgelinge/dissipels)

Onthou: Hierdie saligsprekings is nie ’n klomp dinge wat ons *moet* doen *sodat* ons kinders van die Here kan wees nie! Nee, dit is dinge wat ons *wil* doen *omdat* ons kinders en volgelinge van Jesus is.

Wersaam

Voltooi in jou werkboek:

1. Trek ’n lyn om die regte woord met die regte saligspreking te verbind:

Sagmoedig	Saligspreking 1
Afhanklik	Saligspreking 4
Treur	Saligspreking 5
Reg	Saligspreking 2

2. Trek ’n lyn om die regte woord met die regte belofte te verbind:

Treur	“Want hulle sal versadig word”
Reg	“Want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel”
Afhanklik	“Want hulle sal die nuwe aarde ontvang”
Sagmoedig	“Want hulle sal vertroos word”

Nota

Lees Matteus 5:3-6 weer ’n paar keer stadig en duidelik oor terwyl die kinders probeer uitwerk watter woorde en begrippe met mekaar verbind moet word.

3. Deel die groep in twee, en laat die twee groepe in kompetisie teen mekaar die kernwoord van elke saligspreking in volgorde van 1 tot 4 opsê. Die doel is om op ’n speelse manier die kernwoorde van die eerste vier saligsprekings in volgorde te ken, naamlik afhanklik, treur, sagmoedig en reg.

Wegstuur/Huisgeloof

1. Wanneer jy en jou gesin weer saam eet, sê die woorde wat jy vandag geleer het in die regte volgorde op.
2. Vertel dan vir jou huismense wat elk van hierdie vier woorde se saligspreking beteken.
3. Nooi jou huismense om een van hierdie woorde te kies en dit môre te gaan doen. Julle kan dan daaroor gesels wanneer julle weer saam eet.

Kleingroepvaslegging: Senior groep

Welkom

Groet elke kind persoonlik deur in sy of haar oë te kyk en die volgende te sê: “Ek sien jou met Jesus se liefde.”

Wegspring

Vra die volgende vraag, maar moenie te veel tyd daaraan spandeer nie: “Wie van julle het die afgelope week iets gesien in ons dorp/stad of op die TV wat jou ongelukkig of hartseer laat voel het? Vertel ons kort en vinnig daarvan.”

Laat die kinders weer die eerste vier saligsprekings (Matteus 5:3-6) hardop saam lees.

Met wie praat Jesus hier? (Antwoord: Met sy volgelinge/dissipels)

Onthou: Hierdie saligsprekings is nie ’n klomp dinge wat ons *moet* doen *sodat* ons kinders van die Here kan wees nie! Nee, dit is dinge wat ons *wil* doen *omdat* ons kinders en volgelinge van Jesus is.

Wonder

Nota

Gee vir die kinders die geleentheid om na te dink oor die eerste vier saligsprekings, sonder om daaroor te praat.

Sê die volgende terwyl almal hulle oë toehou en hulle verbeelding laat gaan. Bly na elke saligspreking eers ’n rukkie stil.

- Ek sien in my gedagtes ’n klein kindjie wat sy hande uitsteek na sy pa en vra: “Help my, asseblief, Pappa.” Wat beteken die eerste saligspreking?
- Ek sien in my gedagtes ’n jong meisie wat by ’n ou man wat sukkel om te loop, inhaak en wat sag sê: “Moedhou, Oom. Kom ek stap ’n entjie saam met Oom.” Wat beteken die tweede saligspreking?
- Ek sien in my gedagtes ’n ma wat vir haar seun wat huil vra: “Vertel vir my alles wat die boelies aan jou gedoen het.” En terwyl hy vertel, loop die trane oor haar wange. Wat beteken die derde saligspreking?
- Ek sien in my gedagtes ’n oupa wat na sy drie kleinkinders toe gaan en hulle bakleiery stopsit. Dan help hy hulle om beurte te maak met die speelgoed, en om hulle kos so te verdeel dat hulle ewe veel kry. Wat beteken die vierde saligspreking?

Werksaam

1. Kan jy die vier belangrikste woorde in die eerste vier saligsprekings in die regte volgorde opsê?

Nota

Laat die kinders in groepies van twee saamwerk om die hierdie aktiwiteit te doen. Nadat almal die aktiwiteit afgehandel het, kan jy dit saam met die groep kontroleer sodat hulle kan seker maak dat hulle die regte woorde en begrippe met mekaar verbind het.

2. Doen die aktiwiteite in jou werkboek.

Trek 'n lyn om die regte woord met die regte saligspreking te verbind:

Sagmoedig	Saligspreking 1
Afhanklik	Saligspreking 4
Treur	Saligspreking 5
Reg	Saligspreking 2

Trek 'n lyn om die regte woord met die regte belofte te verbind:

Treur	"Want hulle sal versadig word"
Reg	"Want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel"
Afhanklik	"Want hulle sal die nuwe aarde ontvang"
Sagmoedig	"Want hulle sal vertroos word"

3. Deel die groep in twee, en laat die twee groepe in kompetisie teen mekaar die kernwoord van elke slagspreuk in volgorde van 1 tot 4 opsê. Die doel is om op 'n speelse manier die kernwoorde van die eerste vier saligsprekings in volgorde te ken, naamlik afhanklik, treur, sagmoedig en reg.

Wegstuur/Huisgeloof

Wanneer jy en jou gesin weer saam eet, kan jy die volgende doen:

1. Sê die kernwoorde van die eerste vier saligsprekings in die regte volgorde op.
2. Vertel vir hulle wat elk van hierdie vier saligsprekings beteken.
3. Kyk weer na die gedeeltes wat jou gesinslede die vorige keer op stukkies karton geskryf en iewers opgeplak het. Wie het een van vandag se vier saligsprekings gekies?
4. Wanneer julle weer saam eet, vra jou gesin om te vertel wie van hulle iets van hierdie vier saligsprekings iewers gesien of beleef het vandat julle laas saam geëet het.

7. Geseënde mense leef soos Jesus *Matteus 5:7-12*

Tema

Geseënde mense wil soos Jesus leef, al is dit altyd maklik nie.

Agtergrond

Matteus skryf vir 'n klein groepie Christene. Die wêreld rondom hulle was redelik vyandig teenoor hulle en het hulle selfs gespot oor dit wat hulle glo. Al wat hierdie klein groepie (verreweg in die minderheid) eerste Christene gehad het, was hulle geloof in die Here God, asook die liefde van Jesus in hulle harte vir ander mense. Jesus self het die voorbeeld gestel en geleef soos wat die saligsprekings 'n geseënde lewe beskryf. Dit het die Christene gemotiveer om in hulle moeilike omstandighede daarop te fokus om Jesus se voorbeeld na te volg en soos hulle leier te leef.

Dit is belangrik om te weet dat die agtste en die negende saligsprekings eintlik op dieselfde neerkom. Daarom hanteer ons dit as EEN saligspreking soos wat die meeste kommentare ooreenstem om te doen.

Bybelgedeeltes

Lees Matteus 5:7

Lees Matteus 5:8

Lees Matteus 5:9

Lees Matteus 5:10-12

Hoofgedagtes van die ontmoeting

1. Wat is barmhartigheid?

2. Hoe is dit om rein van hart te wees?

3. Waarom vredemakers?

4. Hoekom vervolging?

Uitkoms

1. Insig: Verstaan dat die vyfde tot agtste saligsprekings ons help om meer soos Jesus te lewe.
2. Aanleer: Ken die vyfde tot agtste saligsprekings.

Hulpmiddels by die storie

Paneel 3 en 6 van die LP3-benadering

Hulpmiddels vir kleingroepvaslegging

Junior kleingroep	Senior kleingroep
Bring saam	Bring saam
1. Potlode of penne	1. Potlode of penne
2. Lekkergoed	2. Lekkergoed

Die storie

Begin

Kom ons kyk na paneel 3 en 6. Op paneel 3 dink ons aan die tyd toe die twaalf familie-groepe van Israel uit Egipte getrek het. Hulle het deur die see gegaan en toe by berg Sinai gekom. By hierdie berg het die Here vir hulle geleer hoe om te leef: Hy het aan hulle die Tien Gebooe gegee om hulle te help om in liefde te leef.

Op paneel 6 sien ons hoe daar weer twaalf lyne is. Elke lyn laat ons dink aan een van Jesus se dissipels. Hier is weer 'n berg, al is dit eintlik net 'n hoë koppie. Jesus leer weer vir hulle hoe om in liefde te leef. Hy leer dit egter nie net vir hulle nie, maar staan ook op en wys vir hulle hoe om dit te leef.

Hoe dink julle het Jesus se lewe op aarde gelyk?

Laat die groeplede dinge (eienskappe) opnoem wat vertel hoe Jesus gelewe het. Maak 'n lys daarvan op 'n bord of plakkaat.

Nota

Hierdie vrae het ten doel om agter te kom hoeveel insig die kinders het ten opsigte van die eienskappe van Jesus se lewe op aarde. Ons kan mekaar nie aanmoedig om Jesus se voorbeeld te volg as ons nie 'n idee het van hoe Jesus se lewe op aarde gelyk het nie. Anders word 'om Jesus se voorbeeld te volg' bloot net 'n onbereikbare ideaal – niks meer as 'n teoretiese begrip nie – 'n sogenaamde "pie in the sky".

Kinders van die Here (ons noem hulle ook volgelingen van Jesus) wil graag in hulle alledaagse lewe soos Jesus leef toe Hy hier op aarde was.

Die probleem is net: Ons weet nie altyd hoe Jesus op aarde geleef het nie!

Ons gaan vandag kyk na vier eienskappe van Jesus se lewe wanneer ons stilstaan by die laaste vier saligsprekings. Natuurlik is daar baie meer eienskappe van Jesus se lewe op aarde, maar ons gaan vandag net by vier daarvan stilstaan.

Onthou:

1. Jesus het self vir ons die voorbeeld gestel in die uitleef van al die saligsprekings. Nou kan ons sy voorbeeld volg.
2. Die Heilige Gees wat in ons as volgelingen van Jesus bly, help ons ook om elke dag soos Jesus te kan lewe.

Hoor

➤ **Moment 1: Lees Matteus 5:7**

Vyfde saligspreking: "Geseënd is dié wat barmhartig is, want aan hulle sal barmhartigheid bewys word."

Vir die Jode van ouds was barmhartigheid baie belangrik. Hulle het dit egter gesien as iets wat net betoon moet word teenoor ander Jode en mense wat die Joodse geloof aangeneem het – hulle wat die Wet ken. Hulle het dus self gekies aan wie hulle barmhartigheid wil bewys, en aan wie nie.

Onthou julle nog die gelykenis van die barmhartige Samaritaan wat gaan oor die vraag: Wie is jou naaste? Die priester en die Leviet (Jode) het by die man wat beroof en aangerand is verbygeloop en hulle nie in barmhartigheid oor die man (veronderstel dat hy nie 'n Jood was nie) ontferm nie. Dit was toe egter 'n Samaritaan wat barmhartigheid aan die man betoon het! Die Here Jesus (Luk 10:25-37) het so aan die Jode, en spesifiek die Skrifgeleerdes en Fariseërs, gewys dat daar iets fout is met hoe hulle barmhartigheid verstaan.

Die Here skenk barmhartigheid aan sy kinders. Hy vergewe hulle en neem hulle as sy kinders aan – dit is die hoogste vorm van barmhartigheid wat daar is. Jesus was ook op aarde die ideale voorbeeld van iemand wat, orals waar hy gegaan het, barmhartigheid aan mense betoon het. Barmhartigheid werk dus soos 'n aflosstokkie: Ons kry dit by die Here, dit maak 'n verskil in ons eie lewe, en ons gee dit aan vir al die mense rondom ons – veral vir diegene wat swaarkry en deur een of ander krisis gaan. Wanneer ons so barmhartigheid aan mense bewys, verseker Jesus ons daarvan dat Hy ook aan ons barmhartigheid sal bewys – beide in ons lewe verder hier op aarde, maar ook wanneer ons eendag voor sy troon staan op die finale dag van oordeel.

➤ **Moment 2: Lees Matteus 5:8**

Sesde saligspreking: “Geseënd is dié wat rein van hart is, want hulle sal God sien.”

Het iemand al vir jou gesê jy doen iets halfhartig? Mense met 'n rein hart is mense wat die Here met hulle hele hart liefhet en dien – nie met 'n halwe hart nie. Die Fariseërs en Skrifgeleerdes het die Here met 'n halwe hart gedien. Eintlik was hulle liever vir hulleself as vir die Here. Al die mense het gedink hulle is sulke wonderlike mense, maar diep in hulle harte was hulle nie regtig vir die Here lief nie. Dit was vir hulle meer belangrik dat die ander mense sal dink hulle is wonderlik.

Hart dui op die beheerkamer van 'n mens se lewe – daar waar dit wat ons dink, voel en doen beheer word. Ons kan dit ook vergelyk met 'n rekenaar se moederbord. Die moederbord is die hart van 'n rekenaar. Elke ding wat ons met 'n rekenaar kan doen, word beheer deur die moederbord. Wanneer Jesus hier praat van die rein hart, praat hy van so 'n plek in jou wat alles wat jy dink, en doen en wil doen beheer. Dit moet sonder vuilgoed en virusse wees.

Iemand met 'n rein hart sal God sien. Hierdie belofte het alles te doen met die dag as Jesus weer kom om sy volgelinge te kom haal om vir ewig by Hom te wees. Dan sal hulle die voorreg hê om God te sien. Wat 'n wonderlike belofte om na uit te sien, veral vir mense wat dit nie altyd maklik het om die Here te dien nie.

➤ **Moment 3: Lees Matteus 5:9**

Sewende saligspreking: “Geseënd is die vredemakers, want hulle sal kinders van God genoem word.”

Jesus is die groot vredemaker. Hy het vrede kom maak tussen God en mens. God was mos kwaad vir mense nadat Adam en Eva in die paradys gesondig het. Jesus het aan die kruis gehang sodat God se kwaadheid en straf oor alle mense se sondes op Jesus kon afkom.

Jesus bring ook vrede tussen mense. As mense voor God kom en besef hulle is almal sondig, kan hulle nie meer dink hulle is beter as ander nie. Toe Jesus op aarde was, het Hy gewys dat almal vir Hom belangrik is. Hy het na mense wat eenkant toe gestoot is, gegaan en hulle met sy liefde nader getrek. Hy het die groot kloue wat tussen mense is, kom heelmaak. Die armes, melaatses, 'n sondige vrou, kinders, tollenaars, bedelaars en noem maar op, was almal vir Jesus belangrik. Hy het vir die mense geleer dat ons niemand eenkant toe mag stoot nie en dat Hy alle soorte mense in een groep bymekaarmaak en vir hulle leer om mekaar te respekteer en lief te hê. So het Hy vir sy volgelinge 'n voorbeeld gestel om na te volg. Wanneer jy 'n volgelinge van Jesus is en mense in vrede na mekaar toe bring, sal ander mense weet jy aard na jou Vader, jy is 'n kind van God. Só sal jy dan ook genoem word!

➤ **Moment 4: Lees Matteus 5:10-12**

Agtste saligspreking: “Geseënd is dié wat vervolg word omdat hulle doen wat reg is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel. Geseënd is julle wanneer die mense julle ter wille van My beledig en vervolg en valslik al wat sleg is van julle sê. Wees bly en verheug, want julle loon is hoog in die hemel.”

Mense van die sondige wêreld vervolg, beskuldig en beledig koninkryksmense wat, soos Jesus, die wil van God doen. Hulle word op subtile maniere uitgeskuif, beskinder en deur mense verkleineer. Dit maak nog seerder as dit van mense af kom vir wie jy lief is en van wie 'n mens dit nooit sal verwag nie.

Vir die klein gemeentetjie vir wie Matteus hier skryf, is die bedoeling dat dit hulle sal bemoedig, omdat ook hulle op allerlei maniere vervolg is en swaargekry het omdat hulle gekies het om volgelinge van Jesus te wees.

Jesus belowe dat sy volgelinge wat Hom bly dien en in Hom bly glo, al kry hulle soms swaar daarvoor, nou al kan weet hulle is deel van 'n ander koninkryk waar daar 'n goeie Koning 'baas' is. Eendag sal hulle vir ewig saam met Hom in sy hemelse koninkryk wees, en Hy sal hulle dan beloon omdat hulle aan Hom getrou gebly het.

Dink

Hoe voel dit vir jou om te weet dat Jesus ons nie aan onself oorlaat om self uit eie krag te probeer om Jesus se voorbeeld na te volg nie? Hy het mos vir ons die Heilige Gees gestuur om in ons te kom woon sodat Hy ons kan help om soos Jesus hier op aarde te leef.

1. Het dit al met jou gebeur dat van die kinders in jou klas of in jou sportspan jou gespot of uitgelag het omdat jy gewys het dat jy vir Jesus lief is – of dalk het jy opgestaan vir wat reg is en met een van hulle gepraat oor iets wat hy of sy verkeerd gedoen het? Hoe het dit vir jou gevoel? Hoe het jy daarop gereageer?
2. Hoe voel jy nou dat jy hoor wat Jesus hier vir sy volgelinge sê?

Nota

Lees weer Matteus 5:10-12 terwyl almal hieroor nadink.

Leef

Kan jy vandag met eerlikheid sê:

1. dat jy die Here met jou hele hart liefhet en dien?
2. dat jy nie bang en skaam is om dit elke dag in jou lewe te wys nie?
3. dat jy rêrig bereid is vas te byt en die Here te bly dien, al kry jy soms swaar omdat jy dit doen?

Hoor weer wat sê Jesus vir jou.

Nota

Lees Matteus 5:7-11 weer.

Kleingroepvaslegging: Junior groep

Welkom

Groet die kinders elkeen afsonderlik deur in sy of haar oë te kyk en die volgende te sê: “Ek is so bly jy is hier, en ek sien uit na die tydjie saam met jou vandag.”

Wegspring

Dink julle regtig dat dit vir jou en my moontlik is om soos Jesus, toe Hy hier op aarde was, te leef? Moenie net *ja* of *nee* antwoord nie. Sê hoekom jy sê wat jy sê.

Ek gaan weer, nadat ons vandag klaar is met die laaste vier saligsprekings, hierdie vraag aan julle vra.

In die geval van die kleiner kinders: Lees weer die laaste vier saligsprekings (Matteus 5:7-12).

In die geval van die groter kinders wat al self met gemak kan lees, is dit aan te beveel dat ses kinders elkeen die kans kry om een vers hardop voor te lees.

Met wie praat Jesus hier? (Antwoord: Met sy volgelinge/dissipels)

Onthou:

Hierdie saligsprekings is nie 'n klomp dinge wat ons *moet* doen *sodat* ons kinders van die Here kan wees nie! Nee, dit is dinge wat ons *wil* doen *omdat* ons kinders en volgelinge van Jesus is.

Werksaam

1. Kan jy die belangrikste woorde van die vier laaste saligsprekings in volgorde opnoem?

2. Trek 'n lyn tussen die woord of woorde en die saligspreking wat daarby pas:

Vredemakers	Saligspreking 5
Barmhartig	Saligspreking 7
Rein van hart	Saligspreking 8
Vervolg	Saligspreking 6

3. Voltooi die beloftes deur die regte woorde in te vul. Trek dan 'n lyn tussen die woord of woorde en die belofte wat daarby pas:

Rein van hart	“Want hulle sal van God genoem word.”
Barmhartig	“Want aan hulle behoort die van die”
Vredemakers	“Want hulle sal God”
Vervolg	“Want aan hulle sal bewys word.”

4. Kan jy die belangrikste woorde van al agt saligsprekings in volgorde opnoem?

Nota

Lees weer Matteus 5:7-12 'n paar keer stadig en duidelik voor terwyl die kinders probeer uitwerk watter woorde en begrippe met mekaar verbind moet word.

5. Deel die groep in twee, en laat die twee groepe in kompetisie teen mekaar die kernwoord van elke saligspreking in volgorde van vyf tot agt opsê. Die doel is om op 'n speelse manier die kernwoorde van die laaste vier saligsprekings in volgorde te ken, naamlik barmhartig, rein van hart, vredemakers en vervolg.

6. Hersien op dieselfde manier weer verlede week se kernbegrippe, naamlik afhanklik, treur, sagmoedig en reg.

7. Nadat die kinders die kernwoorde van die eerste vier en die laaste vier saligsprekings goed ken, word hulle nou aangemoedig om al agt die kernbegrippe op dieselfde manier agter mekaar te kan opsê. Gee vir die spanlede van die span wat dit eerste regkry sonder om deurmekaar te raak en iewers tussen-in te twyfel, elkeen 'n lekkergoed of ander bederf.

8. En nou weer ons beginvraag: Dink julle regtig dat dit vir jou en my moontlik is om soos Jesus, toe Hy hier op aarde was, te leef? Hoekom sê jy so?

Wegstuur/Huisgeloof

1. Wanneer julle as gesin weer saam eet, sê die agt kernwoorde in die regte volgorde vir jou huismense op.

2. Kies een van die laaste vier saligsprekings waarvan jy vandag geleer het en gesels saam oor hoe julle hierdie saligspreking kan lééf.

Kleingroepvaslegging: Senior groep

Welkom

Groet die kinders elkeen afsonderlik deur in sy of haar oë te kyk en die volgende te sê: “Ek is so bly jy is hier, en ek sien uit na die tydjie saam met jou vandag.”

Wonder

Toe oë. Kom ons dink aan pouse by ons skoolterrein.

- Daar loop iemand wie se ouers onlangs geskei is. ’n Mens sien die hartseer op sy gesig.
- Ek kry ’n SMS wat iets leliks van iemand anders sê. Dit staan ook op Facebook.
- Een van die kinders vertel ’n grappie wat mense van ’n ander rassegroep beledig.
- Ons gebruik baie kru taal wanneer ons van ons skoolhoof praat. Een van die kinders sê ons kan gerus let op ons taal en ons liefdelose ingesteldheid. Iemand sê vir haar: “Mmm, lekker skynheilig, nè. Jy het seker gister weer in die voorste kerkbank gesit. Almal lag.”

Wat doen jy? Jy loop daar rond en ... (Gee ’n paar oomblikke van stilte.)

Wegspring

Dink julle regtig dat dit vir jou en my moontlik is om soos Jesus, toe Hy hier op aarde was, te leef? Moenie net *ja* of *nee* antwoord nie. Sê hoekom jy sê wat jy sê.

Ek gaan weer, nadat ons vandag klaar is met die laaste vier saligsprekings, hierdie vraag aan julle vra.

In geval van die kleiner kinders: Lees weer die laaste vier saligsprekings (Matteus 5:7-12).

In die geval van die groter kinders wat al self met gemak kan lees, is dit aan te beveel dat ses kinders elkeen die kans kry om een vers hardop voor te lees.

Met wie praat Jesus hier? (Antwoord: Met sy volgelinge/dissipels)

Onthou:

Hierdie saligsprekings is nie ’n klomp dinge wat ons *moet* doen *sodat* ons kinders van die Here kan wees nie! Nee, dit is dinge wat ons *wil* doen *omdat* ons kinders en volgelinge van Jesus is.

Werksaam

1. Trek ’n lyn tussen die woord of woorde en die saligspreking wat daarby pas:

Vredemakers	Saligspreking 5
Barmhartig	Saligspreking 7
Rein van hart	Saligspreking 8
Vervolg	Saligspreking 6

2. Voltooi die beloftes hieronder deur die regte woorde in te vul. Trek dan 'n lyn tussen die woorde links en die regte belofte regs:

Rein van hart	“Want hulle sal van God genoem word.”
Barmhartig	“Want aan hulle behoort die van die”
Vredemakers	“Want hulle sal God”
Vervolg	“Want aan hulle sal bewys word.”

Nota

Laat die groepslede twee-twee saamwerk om hierdie aktiwiteit te doen. Nadat almal die aktiwiteit afgehandel het, kan jy dit saam met die groep kontroleer sodat hulle kan seker maak dat hulle die regte woorde en begrippe met mekaar verbind het.

3. Deel die groep in twee, en laat die twee groepe in kompetisie teen mekaar die kernwoord van elke saligspreking in volgorde van vyf tot agt opsê. Die doel is om op 'n speelse manier die kernwoorde van die laaste vier saligsprekings in volgorde te ken, naamlik barmhartig, rein van hart, vredemakers en vervolg.

4. Hersien op dieselfde manier weer verlede week se kernbegrippe, naamlik afhanklik, treur, sagmoedig en reg.

5. Nadat die kinders die kernwoorde van die eerste vier en die laaste vier saligsprekings goed ken, word hulle nou aangemoedig om al agt die kernbegrippe op dieselfde manier agter mekaar te kan opsê. Gee vir die spanlede van die span wat dit eerste regkry sonder om deurmekaar te raak en iewers tussen-in te twyfel, elkeen 'n lekkergoed of ander bederf.

6. En nou weer ons beginvraag: Dink julle regtig dat dit vir jou en my moontlik is om soos Jesus, toe Hy hier op aarde was, te leef? Hoekom sê jy so?

Wegstuur/Huisgeloof

Wanneer julle by die huis weer saam eet:

1. Sê die agt kernwoorde van die saligsprekings vir jou huismense op.
2. Vra wie dit soos jy kan doen.
3. Kies een van die laaste vier saligsprekings en gesels saam oor hoe julle dit kan lééf.